# die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 377 • Desember 2024/Januarie 2025



ΑΩ
LIG IN DUISTERNIS

*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God* – 1 Kor. 1:23-24

Desember 2024/Januarie 2025 | No. 377

# INHOUD

DIE BOODSKAPPER • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

## Kersfees en sy tradisies

**REDAKSIONEEL**
**Ds. Schalk Strauss**
Opgewonde afwagting wat getuig van ’n sekere verwagting ................ 1

**AMPTELIK** ........................................................................................ 3

**ONTVANG DIE WOORD**
**Ds. Jan Fourie**
Die Kindjie in die krip .......................................................................... 4

**HOOFARTIKEL**
**Dr. CF Meiring**
Kersfees: familietyd én Familietyd ....................................................... 6

**ARTIKELS**
**Dr. Barend Hefer**
Die viering van die geboorte van Christus:
Op voetspoor van die kerkvaders ......................................................... 8
**Ds. Henning Dafel**
Die man agter die rooi pak en die wit baard:
’n Blik op die geskiedkundige Nikolaas van Myra ................................ 10
**Ds. Adriaan Bester**
Die viering van Kersfees in verskillende tradisies, lande en volke ........ 14
**Ds. Aubrey Hough**
Krip én kruis: ’n Gesprek oor *Kerssangdienste* ................................... 16
**Ds. Jan Brink**
Kersgeskenke en -versierings: tradisie of verleiding? .......................... 18
**Prof. Andries Raath**
Die verbond en die Geloftes van die
Voortrekkers (1838) en Paardekraal (1880) ......................................... 20
**Hannes Noëth**
Kersfees in ’n plakkerskamp ................................................................ 22
**Dr. Danie Langner**
Geloftedag: ’n Geestelike herlewing onder Afrikaners? ....................... 24

**AKTUEEL**
Smeltoond: Wat laat kruisies ’n wenstem praat? ................................. 13
Bestek: Bybelkenniseksamen ............................................................... 19
Huldeblyk: Coenraad Jacobus Janse van Rensburg ............................. 28
Bybelwoordblok .................................................................................... 26
Gemeentenuus ...................................................................................... 27

**IN DIE SPORE VAN GISTER MET PIETER & PIETER**
**Dr. Pieter Mulder**
Parlementêre begrippe en tradisies ..................................................... 34

**VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER**
**Pieta Oosthuizen**
Helde met voete van klei ..................................................................... 35

**VOORBLAD:**
Tradisies soos Kersetes is ’n belangrike deel van gelowiges se feestelikheid gedurende die Kerstyd.

**REDAKSIE**
**Eindredakteur**
Ds. HSW Strauss
**Subredakteur**
Mev. C Möller
**Redaksielede**
Di. RK Combrink,
EC Trollip, A Hough
**Redaksiesekretaresse**
Mev. M Langeveldt
publikasies@liginduisternis.co.za
**Advertensies**
Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.*

**BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE**
**Gemeenskaplike Kerkkantoor**
Kerkkantoor en Boekwinkel
**Tel.:** 012 362 1390
**Faks:** 012 362 2023
**Posbus** 25139
Monumentpark, 0105
Makoustraat 516,
Monumentpark x2
**e-pos:** info@apk.co.za
**Webblad:** www.apk.co.za

**Die Afrikaanse Protestantse Akademie**
Administrasie
**Tel.:** 012 344 3960/1/2
**Faks:** 012 344 5480
**Posbus** 11488, Hatfield, 0028
Farendenstraat 430, Sunnyside
**e-pos:** info@apa.ac.za
**Webblad:** www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:
BusinessPrint

**Bladuitleg:** Melaney Langeveldt

Uitgegee deur:
Lig in Duisternis
UITGEWERS
www.liginduisternis.co.za



# Opgewonde afwagting wat getuig van 'n sekere verwagting

**Ds. Schalk Strauss**

Daar is min gebeurtenisse in die lewe wat die konsepte van "verwagting"[1] en "afwagting"[2] so duidelik vasvang soos 'n swangerskap. Wanneer 'n paartjie uitvind dat hulle swanger is, is daar groot verwagting en opwinding. Daar is die belofte van nuwe lewe, hoewel die vervulling daarvan nog nege maande ver in die toekoms lê. Hierdie wagtydperk het natuurlik sy eie uitdagings. Daar is tye van kommer en onsekerheid. Soms is daar selfs tekens wat die paartjie dokter toe laat haas om uit te vind of alles nog reg is. 'n Paartjie wat 'n kindjie verwag, het gedurende hierdie wagtyd ook nodig om gereeld deur die ginekoloog herinner te word dat alles nog reg is, dat die baba gesond is en dat sy/haar ontwikkeling op koers is.

Die manier waarop 'n paartjie, en selfs die mense naby aan hulle, hierdie nege maande deurbring, spreek iets van hul verwagting dat die belofte in vervulling sal gaan. Hulle begin gereedmaak vir die nuweling se koms. Die babakamer word uitgeverf en versier. Daar word beplan aan 'n ooievaarstee vir die nuwe mamma. 'n Karstoeltjie en stootwaentjie word aangeskaf en 'n kot kry sy staanplek in die babakamer. In 'n sekere sin bevestig hierdie optrede die sekerheid van die voornemende ouerpaar se verwagting. Die babatjie is nog nie daar nie, maar die verwagting is waar en seker. Hoe nader die tyd, hoe groter die afwagting. Weke voor die tyd is die ma en baba se tas tot op die letter gepak en kóm die geboortepyne, word die sekondes letterlik met ingehoude asems afgetel.

## Advent

Op die Christelike kalender staan die vier weke voor Kersfees as "Advent" bekend. Die woord is afgelei van die Latynse woord *adventus* wat in Afrikaans met "koms" of "aankoms" vertaal kan word. In antieke Rome is die woord gebruik om die koms van 'n groot heerser of koning te beskryf. So 'n gebeurtenis is gewoonlik voorafgegaan met die een of ander seremonie wat uitdrukking aan die volk se verwagting gegee het. Op sy beurt is die woord *adventus* 'n vertaling van die Griekse woord *parousia* wat in die Nuwe Testament in verband met die koms van Jesus Christus gebruik word. Adventstyd is dus daardie tyd op die kerklike kalender waar die fokus geplaas word op Christus, die Koning der konings, se koms na die aarde. Dit het met groot verwagting en afwagting gepaardgegaan.

## Ou Testamentiese verwagting

Wanneer 'n mens op hierdie wyse oor Advent dink, besef jy dat, hoewel die kerk dit vir vier weke voor Kersfees vier, die verwagting en gepaardgaande afwagting reeds duisende jare voor Christus se geboorte 'n aanvang geneem het. Kort ná die sondeval maak God 'n aankondiging wat 4 000 jaar se afwagting sou inlei:

> *En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt* (Gén. 3:15).

Interessant genoeg word hierdie verwagting ook aan 'n swangerskap verbind.

Soos met 'n swangerskap, het hierdie verwagting en afwagting ook wipplank gery. Daar was tye van groot opwinding, soos met die geboorte van Kain: Was hy die beloofde verlosser? Daar was egter ook tye waar die verwagting getaan en die afwagting verflou het. Tye waarin die volk se sonde hulle van God se beloftes laat vergeet het. Soms het die spanning oor die verwagting 'n hoogtepunt bereik wanneer dit gelyk het asof die belofte moontlik nie in vervulling sou gaan nie. Dink aan die onvrugbaarheid van die vroue van die belofte, Sara en Rebekka. Dink aan die volksmoord in Egipte en die

1. Uitsien na en hoop op dit wat gaan gebeur.
2. Wag totdat iets gebeur.

dreigende uitwissing van die volk van die belofte gedurende die tyd van Ester.

Deur hierdie spanningsvolle tye heen het God egter (soos ’n ginekoloog) keer op keer bevestig dat die verwagting nie sonder vrug sal wees nie. Die Saad is besig om te groei en die Verlosser is aan kom ... Hy herinner sy volk aan sy beloftes en verlos hulle op strategiese tye uit die hand van hul vyande. Aan Abraham beloof Hy dat die nasies van die aarde in sy nageslag geseën sal wees (vgl. Gén. 12:3). Aan Dawid beloof Hy dat daar altyd iemand uit sy nageslag oor die huis van Israel sal regeer (vgl. 2 Sam. 7:12-16).

Soos ’n goeie 4D-skandering stimuleer God sy volk se afwagting deur die loop van 4 000 jaar met verlossingsfigure wat Hy ingespan het om skadubeelde van die Verlosser te wees. Dink aan manne soos Melgisédek, Isak, Josef, Moses, Josua, Simson, Dawid, Serubbábel, ’n weeskind-koningin soos Ester en vele meer, wat elkeen die verwagting oor die komende Messias aangewakker het deur bepaalde aspekte van sy beloofde verlossingswerk uit te beeld.

Selfs in tye van nood en benoudheid hou God die hoop (verwagting) van die mensdom lewend wanneer Hy beloof om sélf aan hulle ’n teken te gee: *Kyk, die maagd sal swanger word en ’n seun baar en hom Immánuel noem* (Jes. 7:14). Selfs die geboortedorp van die Messias word aangekondig: *En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat ’n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid* (Miga 5:1). Die volk se verwagting word versterk wanneer God hulle herinner Wie en wat hierdie Messias sal wees:

***Want ’n Kind is vir ons gebore, ’n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid ... tot in ewigheid*** **(Jes. 9:5-6).**

En dan raak dit vir 400 jaar stil totdat die engel se aankondiging die stilte deurklief: *Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees; en sy sal ’n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos* (Mt. 1:20-21).

## Nuwe Testamentiese hoop

Die doel van Advent is om gelowiges iets van hierdie verwagting en afwagting saam met die kerk van alle eeue te laat beleef. Deur die loop van eeue het daar heelwat gebruike en tradisies ontstaan om hierdie afwagting na te boots en aan te wakker. Dink maar aan iets soos ’n Adventskalender met papierhortjies voor sjokoladehappies wat elke dag, in aanloop tot Kersfees, oopgemaak word. Ongeag wat ons mening oor Kersgeskenke is, speel dit ’n belangrike rol om iets van die afwagting wat so kenmerkend van Advent is, by mense aan te wakker. Dink maar net hoe opgewonde kinders raak wanneer hulle weet dit is tyd vir Kersinkope, Mamma dit dan toedraai en dit so ’n paar dae voor Kersfees uitpak. Die heerlike afwagting wanneer hulle kort-kort nuuskierig daarom draai, met opgewonde verwagting oor wat in hul pakkies op hulle wag.

Dit is egter belangrik dat ons hierdie afwagting met Bybelse inhoud vul. Dit is belangrik dat ons ons kinders, in aanloop tot Kersfees, saam deur die spanningsvolle verwagting van die Bybel en die vervulling daarvan in Christus neem. Dit is belangrik dat ons hulle opgewonde maak oor God se grootste Geskenk aan die mensdom – sy geliefde Seun wat ons van ons sonde verlos het. Die verwagting is vervul. Die Kind ís gebore, en Hy hét ons verlos.

Advent is egter nie net ’n tyd waarin ons nostalgies raak oor die verlede nie. Ons vier nie net die koms van Christus as ’n historiese gebeurtenis nie. Ons vier dit ook as ’n hoopvolle getuienis oor die toekoms. Die kerk is immers gevul met swanger verwagting oor die wederkoms van die Messias. Hy wat eens as ’n Kindjie in ’n krip gekom het, sal as Oorwinnaar en Opperheer op die wolke na ons terugkeer. Hierdie groot opwinding moet tasbaar wees in die kerk se viering van Kersfees. Ons is immers nie net sentimenteel oor ’n Baba in ’n krip nie. Ons is bruisend opgewonde oor die Ruiter op die wit perd op wie se koms ons spanningsvol wag, terwyl ons met verwagting bid: Maranáta! Kom Here, kom gou! ☺

## LERAARS

### Beroepe ontvang

- Ds. Emilé Trollip (Sannieshof/Ottosdal/Coligny) na Pretoria-Oos.

## LERAAR BEROEPBAAR



Ds. Greyling van Rooyen het sy studies suksesvol voltooi en is weer deur die Kuratorium beroepbaar gestel. Sy selnommer is 079 887 5107.

## LERAARSVROU OORLEDE

Ds. Nico Rautenbach se vrou, Elise, is op 29 Oktober oorlede. Ons bid haar naasbestaandes die troosryke nabyheid van die Here toe.

## CVO-SKOOLKWARTALE 2025

Eerste kwartaal: 15 Januarie – 4 April
Tweede kwartaal: 22 April – 27 Junie
Derde kwartaal: 21 Julie – 3 Oktober
Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

## SKOOLKWARTALE 2025

Eerste kwartaal: 15 Januarie – 28 Maart
Tweede kwartaal: 8 April – 27 Junie
Derde kwartaal: 22 Julie – 3 Oktober
Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

## *DIE BOODSKAPPER*

### Beplande verskyningsdatums 2025

| Maand | Kopie in by Redakteur | Verskyningsdatum |
|---|---|---|
| **Februarie 2025** | 12 November | 27 Januarie |
| **Maart 2025** | 14 Januarie | 25 Februarie |
| **April 2025** | 13 Februarie | 24 Maart |
| **Mei 2025** | 14 Maart | 24 April |
| **Junie 2025** | 16 April | 26 Mei |
| **Julie/Augustus 2025** | 8 Mei | 23 Junie |
| **September 2025** | 10 Julie | 25 Augustus |
| **Oktober 2024** | 15 Augustus | 25 September |
| **November 2024** | 18 September | 27 Oktober |
| **Des 2025/Jan 2026** | 15 Oktober | 25 November |

## Advertensietariewe 2025

| Grootte | mm (hoogte x breedte) | Prys (swart & wit) | Volkleur |
|---|---|---|---|
| **1/16 blad** | 40 x 90 mm | R230 | *Nie beskikbaar* |
| **1/8 blad** | 65 x 90 mm | R640 | *Nie beskikbaar* |
| **1/4 blad** | 124 x 90 mm | R1 350 | R2 850 *(binne-agterblad)* |
| **1/2 blad** | 124 x 180 mm | R2 200 | *Nie beskikbaar* |
| **Volblad** | 246 x 180 mm | R3 650 | *Nie beskikbaar* |
| **Binne-agter – 1/2** *(indien beskikbaar)* | 148 x 200 mm | Volkleur | R4 880 |
| **Binne-agter – vol** *(indien beskikbaar)* | 297 x 210 mm | Volkleur | R6 950 |
| **Agterblad – 1/2** *(indien beskikbaar)* | 148 x 200 mm | Volkleur | R4 900 |
| **Agterblad – vol** *(indien beskikbaar)* | 297 x 210 mm | Volkleur | R8 400 |

*50% afslag indien AP kerksake geadverteer word.*

**Bankinbetalingsbesonderhede:**
Rekeningnaam: APK • ABSA Tjekrekening: 214 014 3068
Elektroniese takkode: 632 005
*Gebruik die DB-nommer wat aan u toegeken word as betalingsverwysing. Sodra ons u advertensie ontvang, stuur ons vir u die DB-nommer.*

## FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE* 2025

| | |
|---|---|
| 1 Januarie | Nuwejaarsdag |
| 21 Maart | Openbare vakansiedag |
| 18 April | Goeie Vrydag |
| 20 April | Paassondag |
| 21 April | Gesinsdag |
| 6 April | Van Riebeeckdag |
| 27 April | Openbare vakansiedag |
| 28 April | Openbare vakansiedag |
| 1 Mei | Openbare vakansiedag |
| 29 Mei | Hemelvaart |
| 31 Mei | Republiekdag |
| 8 Junie | Pinksterfees |
| 16 Junie | Konsentrasiekampdag |
| 9 Augustus | Openbare vakansiedag |
| 14 Augustus | GRA-dag |
| 24 September | Openbare vakansiedag |
| 10 Oktober | Krugerdag |
| 26 Oktober | Hervormingsfees |
| 16 Desember | Geloftedag |
| 25 Desember | Christusfees |
| 26 Desember | Openbare vakansiedag |

**Alle feesdae is nie noodwendig openbare vakansiedae nie.*



# Die Kindjie in die krip

**Ds. Jan Fourie**[1]

**Skriflesing:** Lukas 2:8-20
**Teksvers:** *En dit is vir julle die teken: julle sal 'n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in die krip lê* (Lk. 2:12).

Die lammers in die omstreke van Jerusalem tot by Betlehem was baie belangrik. Lammers uit hierdie gebied is spesiaal as offerlammers geoormerk. Priesters sou slegs lammers uit hierdie gebied goedkeur as geskik om te offer.

Die lammers was dus eintlik meer waardevol as die herders self. Herders was die laagste in die destydse sosiale rangorde. So min het mense van hulle gedink, dat hul getuienis nie eens in 'n hof aanvaar is nie. Hulle was nederig omdat die gemeenskap hulle nederig gehou het.

In hierdie gedeelte beskryf Lukas 'n nag wat hierdie nederige manne nooit sou vergeet nie. Daardie nag het die wonderlikste gebeurtenis in die ganse geskiedenis van die wêreld plaasgevind: God het mens geword!

As ons die gedeelte lees, is die kontraste daarin opvallend. Daar is ongelooflike heerlikheid. Heerlikheid wat net met God se heerskappy geassosieer kan word. En dan is daar ongelooflike nederigheid. Ons sien dit by die herders. Ons sien dit by die Kindjie in die krip, en sonder dat dit ooit uit onsself kan voortkom, ervaar ons dit in onsself.

## Nederiges met heerlikheid omring

*... die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn* (v. 9). Buiten vir die engele se teenwoordigheid, lees ons ook dat die "heerlikheid van die Here" hulle omring het. Hoe het dit gelyk?

In Openbaring 21 kry ons 'n soortgelyke beskrywing. Die nuwe hemel en die nuwe Jerusalem waar verlostes vir ewig sal lewe, word beskryf. Daarin sien ons ook die teenwoordigheid van die engele en die heerlikheid van God. Openbaring 21:11 beskryf God se heerlikheid:

> ***... en dit het die heerlikheid van God gehad en sy lig was soos 'n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen.***

Die herders het iets hiervan gesien en beleef – 'n stukkie hemel! En daarmee saam was daar *'n menigte van die hemelse leërskare wat God prys ...* (v. 13). Wat 'n gesig om te kon aanskou! 'n Gesig waarna ons uitsien om eendag, met ons eie oë, in ons Here se teenwoordigheid te sien.

God word mens en die engele bring die belangrike nuus. Maar waar sal die herders Hom vind? In 'n paleis? In die tempel? In 'n ryk man se huis? Nee, by die nederiges. Die herders ontvang die nuus en hulle word nie na 'n groot en belangrike stad gestuur nie, maar na Betlehem – *gering in die streke van Juda* (vgl. Miga 5:1; 2020-vertaling).

## Die Kindjie in die krip

Die engel verklaar in vers 11 dat daar in die stad van Dawid 'n baie belangrike Persoon is. Hy is *die Saligmaker wat Christus, die Here is* (v. 11). God self is dus die Persoon in die stad van Dawid!

Dit kan tog sekerlik nie moeilik wees om God in die stad van Dawid te vind nie? Hy moet tog op die belangrikste plek en by die belangrikste mense in die dorp wees? Daar waar die samedromming is? Daar waar die meeste mense kan kennis neem dat God self in hul midde is?

Die teken wat aan hulle gegee word, is egter anders as wat hulle verwag het: 'n Kindjie wat in doeke toegedraai is en wat in 'n krip lê (vgl. v.12). God wat alles

met die spreek van 'n woord geskape het, kan nou nie eens 'n woord praat nie! Hy is 'n baba. God wat beskryf word met 'n heerlikheid soortgelyk aan die lig wat van 'n jaspissteen weerkaats, is "uitgedoof" in doeke. In die krip is Hy in doeke toegedraai, soos Hy ook later in sy graf in doeke toegedraai sou wees. Hy is nederig – van begin tot einde.

### Wat beteken dit vir my en jou?

Om te verstaan waarom die groot kontraste vir ons belangrik is, moet ons selfondersoek doen. Ons moet die probleem van ons sonde diepgrondig verstaan.

Vir die meeste mense is hul sonde nie so 'n groot probleem nie. Ander mense se sonde is natuurlik 'n heeltemal ander saak. Ander mense se sonde is verskriklik, maar nie my eie nie. Ek is mos eintlik 'n goeie mens. Ja, ek hét al so paar foutjies in my lewe gemaak, maar ek is nie so sleg soos baie ander mense nie ...

Wanneer ons so dink, verstaan ons nie die aard van sonde is nie. Sonde is altyd opstand teen die heiligheid en heerlikheid van die soewereine God. Dit is soos die kleuter wat die lekkerny vat, terwyl hy jou in die oë kyk pas nadat jy hom die dood voor die oë gesweer het as hy dit doen. Sy begeerte om jou gesag uit te daag, is groter as sy begeerte na die lekkerny.

In ons sondige opstand probeer ons God se heerlikheid by Hom steel sodat ons dit vir onsself kan toe-eien. Dit is waarom ons almal verdien om ewig vir ons sonde te betaal – ons loop oor van sonde.

As sonde nie so erg was nie, kon die Here ons net reggehelp het, soos sommige ouers vandag hul kinders reghelp as hulle iets verkeerd doen. God kon ons net gewaarsku het om nie weer so op te tree nie, want dit maak Hom baie "hartseer". Tog is dit nie waar nie. Sonde vertoorn God nie net nie, dit maak ons ook dood (vgl. Rom. 6:23).

Daarom kom Christus as 'n Kindjie na die wêreld. Net 'n besoekie van God sou nie ons sondeprobleem oplos nie. Daar moes 'n "tweede Adam" kom. Iemand wat wel ten volle gehoorsaam kan wees – van geboorte tot dood. Iemand wat heeltemal sonder sonde kon leef. Iemand wat leef soos ek en jy veronderstel is om te leef, maar weens ons sonde nie kan nie.

Hierdie Kindjie is nie in 'n welgestelde huis gebore waar Hy die beste opvoeders kon hê om sodoende sy kanse tot gehoorsaamheid te verhoog nie. Hy kom in hierdie wêreld in soos ek en jy. Hy moes waarlik die volle toets slaag. Hy moes onder die swaarste omstandighede steeds gehoorsaam en sonder opstand jeens sy Vader wees.

Die kontras tussen God se heerlikheid en die nederigheid van die herders en die Kindjie, wys ons ook op ons "waarde" vir ons Here. Ons sonde laat ons soms so minderwaardig voel dat ons nie kan glo dat 'n allerheilige God eers in ons rigting sal kyk nie, wat nog te sê vir ons sonde sterf!

God is so heeltemal anders as ek en jy. Hy is "'n alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is" (vgl. NGB art. 1); alles wat ons nie is nie. Ons lewens is 'n gemors en eintlik sou dit regverdig wees as die Here nie in ons, of ons redding belanggestel het nie.

Dan lees ons die gedeelte en ons sien die geweldige kontras raak. Selfs die herders wie se skape meer waardevol as hulle was, is waardevol genoeg vir die Here. Die engele se boodskap kom nie tot die koning of die hoëpriester of die mense in die tempel of iemand wat regtig verdienstelik is nie. Die boodskap en die teken word aan herders oorgedra. In die samelewing se oë is hulle onwaardig, maar in die oë van die Here is hulle hooggeag. Hulle is so belangrik dat hulle eerste die boodskap ontvang en die verantwoordelikheid kry om vir die mense te gaan vertel. Dit het hulle gedoen sodat ons vandag nog van die goeie nuus kan lees.

Herders, so onbetroubaar in die oë van die gemeenskap dat hulle nie eens in 'n hof getuienis kon gee nie, is so betroubaar in die oë van die Here dat hulle die boodskap eerste kry om dit te gaan oorvertel.

Die kontras verstom ons: Nederige herders, omstraal deur die heerlikheid van die Here. God word mens – 'n Kindjie in doeke toegedraai, in 'n krip. Waarom? Dit was so beplan en meesterlik uitgevoer om vir my en vir jou die *tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees* (v. 10) te bring. Op daardie eerste Kersdag in die stad van Dawid is die Saligmaker, wat Christus die Here is, vir ons gebore.

1. Leraar van die AP Kerk Tygerberg.



# Kersfees: familietyd én Familietyd

**Dr. CF Meiring**[1]

**Die jaar staan al weer einde se kant toe en die feestyd is hier. Christene regoor die wêreld berei hulle voor om die geboorte van Jesus Christus te vier, 'n wonderlike (en dalk die grootste) missionêre geleentheid vir die verspreiding van hierdie goeie nuus: *Emmánuel ... dit is, as dit vertaal word: God met ons* (Mt. 1:23).**

Op 'n unieke manier vervul God sy verbondsbeloftes omdat Hy die wêreld so liefgehad het, *dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê* (Joh. 3:16). Kerstyd is daarom veral 'n kosbare tyd om opnuut weer saam met geliefdes oor die betekenis van die Here se koms na die aarde na te dink. Opgewonde oor hierdie saamwees, ervaar 'n mens ook weer hoe God se ontwerp van die gesin, en verder uitgekring, die gemeenskap van gelowiges, ontvou.

Van die begin af is die gesin en familie deel van God se skeppingsorde. Dit het gemanifesteer in die skepping van Adam en Eva wat die vader en moeder (die grondslag) van die mensdom of samelewing vorm, en dit het 'n verbondsverhouding laat ontstaan waar liefde tot God en liefde tot die naaste gekoester kan word. Hierdie beginsel is konstant bevestig deur, onder meer, God se verbond met Noag waarin nie net hy en sy vrou gered is nie, maar die ark is *gereed gemaak tot redding van sy huisgesin* (Hebr. 11:7).

Dit is egter nie net die boek Génesis wat vir ons wys dat die gesin en familie vir God belangrik is nie. Regdeur die Bybel is daar 'n ondertoon van verbondenheid wat meer as een maal in geslagsregisters na die oppervlak kom. Dit dien ook as bewys van hoe God se werk deur die eeue in die lewens van geslagte verweef is en hoe Hy hulle vir sy uiteindelike doelwitte saambind. Die gesin en familie is 'n kernbeginsel van God se skepping en is draers van verbondsbeloftes en seëninge.

Wanneer ons saam met ons geliefdes Kersfees vier, moet ons onthou dat God gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde is en daarom geld sy verbondsbeloftes ook vir ons. Huisgesinne vorm uiteindelik ook die *huisgenote van die geloof* (Gal. 6:10) wat as familie (kerk) saam na die wederkoms van Christus kan uitsien.

### Die Bybelse grondslag van familie

In Génesis 2:18 lees ons: *... die* HERE *God* [het] *gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas.* Dit beklemtoon reeds God se bedoeling dat die mens in gemeenskap (saamwees) moet leef. Iemand het by geleentheid gesê: God het die mens nie geskape om alleen te wees nie.

**Die gesin dien dan ook as 'n basis van liefde vir mekaar, ondersteuning en vorming van mekaar en daarom weerspieël dit ook God se verhouding met die mens. Dit vorm die basis waarin die gesin, as 'n kleiner gemeenskap van gelowiges, 'n lewe van aanbidding kan leef en so in die geloof kan groei.**

Met Christus se menswording was dit nie anders nie. Hy het ook deel van 'n gesin en deel van 'n familie gevorm en is deur Josef en Maria in liefde beskerm en versorg. Dit maak ons egter nederig om te weet dat die Verlosser van die wêreld sy hemelse heerlikheid prysgegee het om mens te word in 'n bedorwe wêreld, en dat Hy as't ware familiewaardes in 'n vyandige wêreld met mense wat toenemend individualisties word, benadruk het.

Die Bybel gee talle riglyne vir die verhoudinge tussen lede van gesinne of families, en die Nuwe Testament gee selfs spesifieke raad vir ouers en kinders. Efésiërs 6:1-4 beklemtoon byvoorbeeld die wedersydse liefde in gesinsverhoudinge: Kinders moet hul ouers eer volgens die gebod van God (vgl. Ex. 20:12) en ouers moet hul kinders in liefde opvoed (vgl. Kol. 3:18-25). Kersfees bied 'n geleentheid om hierdie liefdesbande te versterk, want wanneer families bymekaarkom om die geboorte van Jesus te vier, is daar nie net gemeenskap met ons Here Jesus nie, maar ook gemeenskap met mekaar. Dit laat die woorde van Galásiërs 6:10 in gesinsverband realiseer. Tog wil die Woord van die Here dit ook dieper neem na die geestelike of geloofsfamilie.

## Die rol van geestelike familie

Geestelike familie verwys natuurlik na gesinne wat bymekaar is in 'n gemeenskap van gelowiges, ons broers en susters in die kerk van Christus.

> **Die kerk is die "familie" van gelowiges, saamgesnoer deur een gemeenskaplike doelwit: Geloof en aanbidding van God Drie-enig.**

Uit hierdie aanbidding vloei barmhartigheid voort – nie net met uiterlike gawes of materiële middele nie, maar ook met ondersteuning van emosionele behoeftes.

Kerstyd kan vir baie mense 'n eensame tyd wees, 'n verlangtyd, en sulke mense moet die warmte van die geestelike, die kerkfamilie kan ervaar. Hulle moet die noodsaaklike ondersteuning kry en aangemoedig word om weer hul verbondsverhouding met God te versterk. So word elke lasdraer, fisies en geestelik, in die kerk gebruik en so word die wet van Christus vervul (vgl. Gal. 6:2). Dit strook ook met die Bybelse beeld van die liggaam van Christus waar lede mekaar ondersteun en van mekaar afhanklik is (vgl. 1 Kor. 12:12-31). Ons sien ook hierdie hartsgesindheid in die vroeë kerk van Handelinge (vgl. 2:44-45), waar almal wat deel van die geloofsfamilie geword het, alles gemeenskaplik besit en met mekaar gedeel het.

Alhoewel elke gelowige moet streef om deurentyd so te leef, is en bly Kersfees die tyd van die jaar waar geskenke, fisies en geestelik, aan mekaar uitgedeel kan word. Net soos Josef en Maria met Jesus in sy kinderjare op hul gemeenskap gesteun het, kan ons ook op geestelike familie steun, veral wanneer "lewenstorme woedend om jou slaan".

Dink daaraan om hierdie Kerstyd uit te reik na mense wat dalk eensaam is, wat woorde van bemoediging nodig het, wat 'n skouer nodig het om op te huil of ouers wie se kinders dalk ook iewers in die wêreld alléén Kersfees moet vier. Daarmee weerspieël ons Christus se liefde, sy empatie, en bely ons woordeloos dat die gemeenskap van die gelowiges ook vir ons kosbaar is. Kersfees herinner ons dat ons saam met ander mense deel van die groter geskape werklikheid is soos God dit in sy raadsplan beskik het – 'n kerkfamilie van God se kinders.

## Om liefde en barmhartigheid uit te leef

Elke jaar word Kersfees 'n tyd van gee, net soos wat God aan ons gee. Ons gee nie omdat God vir ons gee nie, ons gee ter wille van Christus en vanuit God se voorsienigheid in Hom. Dit is 'n besondere tyd vir familie én Familie om net te gee en gee en gee. Dit is hulle vir wie Jesus Christus eendag sal sê:

> ***... vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen*** **(Mt. 25:40).**

Christelike tradisies word op só 'n manier bevorder en versterk. Miskien is dit net om na die geboorteverhaal te luister, miskien is dit om die pragtige Kersliedere elke aand te sing, miskien is dit 'n hoogtepunt om as gesin saam die diens op Kersoggend by te woon – Christelike tradisies wat in die volgende geslag se harte ingebrand word, 'n toekomshoop wat aan die volgende geslag oorgedra word. Om hierdie liefde en barmhartigheid uit te leef, is 'n bevestiging van ons geloof in Christus se menswording, sy koms na die aarde om redding te bring vir 'n stukkende wêreld en dat ons, net soos Hy, vir die mense rondom ons omgee.

## 'n Laaste woord

Mag elkeen van ons hierdie Kerstyd familie- en Familiebande versterk. Mag ons opnuut weer besef dat God in verbondsgenade afgebuig het om die sondaarmens aan te sien en mag elkeen jubel en juig oor ons Verlosser! ☺

---

1. Leraar van die AP Kerk Lichtenburg.



# Die viering van die geboorte van Christus: Op voetspoor van die kerkvaders

**Dr. Barend Hefer**[1]

Die Griekse kerkvader, Johannes Chrysostomus (347-407), was van mening dat Teofanie[2] (die viering van Christus se geboorte) die belangrikste en sentrale fees was waaruit die ander feeste soos Epifanie,[3] Paasfees, Hemelvaart en Pinksterfees hul oorsprong en betekenis gekry het.[4] Sy stelling wil die indruk skep dat hierdie fees universeel deur die vroeg-Christelike kerk gevier is. Die teendeel is egter eerder waar.

**In hierdie artikel vra ons die vraag: Hoe het die vroeg-Christelike kerk, en in die besonder die kerk in die era van die kerkvaders (300-500), na Teofanie/Kersfees gekyk en dit gevier?**

## Stilte!

Vanuit die staanspoor moet gemeld word dat die Nuwe Testament geen Christelike feesdae beveel of voorskryf nie. Inteendeel, in Kolossense 2:16-17 waarsku die apostel Paulus dat gelowiges nie op sleeptou geneem moet word deur mense wat hulle wil oortuig dat feesdae gehou móét word nie. Dit beteken egter nie dat hy, óf die vroeg-Christelike kerk, teen feesdae was nie. Paulus self neem deel aan die fees van die ongesuurde brood (vgl. Hand. 20:6) en Pinksterfees (vgl. Hand. 20:16).

Kyk ons na die geskrifte van die Apostoliese Vaders (einde 1ste tot 2de eeu), vind ons geen verwysings na enige feesdae nie.[5] Die enigste dag wat gehou is, was die Dag van die Here. Die *Didaché* 14:1 (80-140) lui: "Op die Dag wat aan die Here behoort, kom bymekaar, breek brood en gee dank, nadat julle jul sondes bely het sodat jul offers rein kan wees" (vertaling: BJH).[6] Soortgelyk skryf die Apostoliese Vader, Ignatius (35-107), in sy *Brief aan die Magnesiërs* 9:1: "... terwyl ons nie langer die Sabbat hou nie, maar lewe volgens die Here se dag ..."[7]

## Eerste verwysings

Met die oorgang van die 2de na 3de eeu hoor ons die eerste verwysings na 'n kerklike feeskalender wat begin ontwikkel het. Klemens van Aleksandrië (150-215) verwys in sy *Stromata* 1:21 na 'n Gnostiese groep, die volgelinge van Basilides, wat die doop van Christus as 'n fees gehou het aan die einde van die 2de eeu.[8]

Die Latynse kerkvader Tertullianus (160-225), skryf in sy *De Corona* 13:3-4 in 204 dat die gelowiges hul "eie kalender" het teenoor die heidense "feeste";[9] en in sy *De Ieiunio* 14, wat hy in 208 geskryf het, verwys hy na gelowiges wat jaarliks die Paasfees en ander feesdae hou.[10]

Die Griekse kerkvader Origenes (185-245), verwys in sy *Contra Celsum* 8:22-23 na die gebruik onder die gelowiges om "sekere dae te onderhou, soos byvoorbeeld die Dag van die Here, die Voorbereiding, die Paasfees, of Pinkster" (vertaling: BJH).[11]

**Hy gaan verder en wys dat hierdie Christelike feeste in kontras staan met dié van die heidene, aangesien die Christelike feeste "vredevol" en "meer gewyd" is.**

## Ontwikkeling van 'n kerklike kalender

Ten spyte van hierdie verwysings na verskeie feesdae wat rondom die draai van die 2de en 3de eeu begin ontwikkel het, is die kerkvaders stil met betrekking tot die viering van Christus se geboorte. Dit is eers in die 4de eeu wat ons die eerste klanke van die viering van Teofanie begin hoor. In Rome is Teofanie oorspronklik in 336 gevier.[12] Rondom 370 het die gebruik ooswaarts begin versprei en in 380 is dit in Konstantinopel ingestel. Eers teen die einde van die 4de eeu het dit deur die res van Klein-Asië versprei en uiteindelik eers in die 5de tot 6de eeu in Palestina 'n instelling geword.[13]

Die eerste verwysings na die viering van die geboorte van Christus vind ons in die preke van

Basilius van Saesarea (330-379) en Gregorius Nazianzus (329-390). Basilius skryf in sy preek *In Sanctam Christi Generationem*, paragraaf 67:

> **"Die fees wat ons vier, is bekend as Teofanie: ons vier die Verlosser van die wêreld, die geboortedag van (sy) menslike natuur" (vertaling: BJH).[14]**

Soortgelyk skryf Gregorius in 'n preek *Lumenus* paragraaf 14, gelewer op 25 Desember 380: "Die fees is Teofanie of die geboortedag, aangesien dit beide genoem word ... Want God het aan mense verskyn deur geboorte."[15] In 'n preek 'n paar dae later op 6 Januarie 381, verwys hy na die fees van die geboorte as 'n "instelling" en dat hy die "leier van die fees" is,[16] wat volgens sommige beteken dat hy moontlik die een was wat die fees oorspronklik in Konstantinopel ingestel het.[17]

In sy preek, *In Diem Natalem Domini nostri Jesu Christi* paragraaf 355, gelewer in Antiochië op 25 Desember 386,[18] maak Johannes Chrysostomus die stelling dat die fees van die geboorte van Christus minder as tien jaar onder hulle bekend was.[19]

## Viering van Teofanie

In die *Konstitusies van die Apostels* 5:2:13 vind ons dat teen die jaar 390 die viering van Teofanie amptelik deel van die kerklike kalender geword het;[20] en in die *Konstitusies* 8:4:33 word gemeld dat dit 'n dag van rus vir slawe moes wees.[21] In sy preek *In Natalem Christi Diem*, wil dit voorkom of Chrysostomus 'n onderskeid tussen die viering van Teofanie en die *Natalis Solis Invictus* tref.[22] Hy verwys daarna dat hy nie met 'n lier of fluite dans nie en nie kerse aansteek nie, maar eerder in die plek daarvan met eenvoudige klere wil feesvier, aangesien Chrístus sy fluit en lier is.[23] Naas die feesvieringe vind ons dat rondom die einde van die 4de eeu daar ook ander gebruike ontwikkel het, soos die aand van toewyding op 24 Desember en die ses Adventsondae wat die geboorteviering voorafgegaan het.[24]

'n Laaste bron wat lig werp op die viering van Teofanie in die 4de tot 5de eeu, is die briewe van die Latynse kerkvader Augustinus (354-430) aan Januarius in die jaar 400.[25] In *Brief LV* bespreek Augustinus die verskillende feesdae. Hy maak melding van Paasfees (9:16-17), die herdenking van die Dag van die Here (10:18-13:23), die opstanding (14:24-27) en Pinkster (15:28-32). Hy verwys egter nie na Teofanie of enige ander vorm van viering van

---

1. Leraar van die Gereformeerde Protestantse Kerk Brakpan en dosent by die AP Akademie.
2. P. Schaff & H. Wace, (reds.), *St. Cyril of Jerusalem, St. Gregory Nazianzen*, vol. 7, Nicene and Post-Nicene Fathers (New York: Christian Literature Company, 1894), 345. Gregorius Nazianzus verwys na die viering van die geboorte van Christus in sy *Oratio* 38:3 as "die fees is Teofanie of die geboortedag, aangesien dit beide genoem word" (vertaling: BJH).
3. P. Schaff, *History of the Christian Church, Ante-Nicene Christianity A.D. 100-325* (Massachusetts: Hendrickson Publishers, 2006a), 221. Die fees van Epifanie het die doop van Christus op 6 Januarie gedenk.
4. Neander, *The Life of St. Chrysostom* (London: Seeley & Burnside, 1845), 3.
5. J. Thompson, "Christmas and the Saturnalia," in *Bibliotheca Sacra*, 12(45), (1855), 147.
6. M.W. Holmes, *The Apostolic Fathers: Greek texts and English translations* (Michigan: Baker Books, 1999).
7. Holmes, *The Apostolic Fathers*.
8. A. Roberts, J. Donaldson & A. Coxe, (reds.), *Fathers of the Second Century: Hermas, Tatian, Athenagoras, Theophilus, and Clement of Alexandria,* vol. 2, Ante-Nicene Fathers (New York: Christian Literature Company, 1885a), 333.
9. A. Roberts, J. Donaldson & A. Coxe, (reds.), *Latin Christianity: Its Founder, Tertullian*, vol. 3, Ante-Nicene Fathers (New York: Christian Literature Company, 1885b), 101.
10. A. Roberts, J. Donaldson & A. Coxe, (reds.), *Fathers of the Third Century: Tertullian, Part Fourth; Minucius Felix; Commodian; Origen, Parts First and Second,* vol. 4, Ante-Nicene Fathers,(New York: Christian Literture Company, 1885c), 112.
11. Roberts, Donaldson, & Coxe, *Fathers of the Third Century*, 647.
12. V. Lozonova-Stancheva, "Constantine and Christmas, More counter-arguments (from Byzantium's point of view," in *After Contantine* (December, 2023), 12.
13. Lozanova-Stancheva , "Constantine and Christmas", 13.
14. J. Migne, *Patrologia Cursus Completus, Series Graeca* (Petit-Montrouge: s.n., 1857), 1473.
15. Schaff & Wace, *St. Cyril of Jerusalem, St. Gregory Nazianzen,* 345.
16. Schaff & Wace, *St. Cyril of Jerusalem, St. Gregory Nazianzen,* 357.
17. Lozanova-Stancheva , "Constantine and Christmas", 13.
18. Thompson, "Christmas and the Saturnalia", 150.
19. J. Migne, *Patrologia Cursus Completus, Series Graeca* (Petit-Montrouge: s.n., 1862), 351.
20. A. Roberts, J. Donaldson & A. Coxe. A, (reds.), *Fathers of the Third and Fourth Centuries: Lactantius, Venantius, Asterius, Victorinus, Dionysius, Apostolic Teaching and Constitutions, Homily, and Liturgies*, vol. 7, Ante-Nicene Fathers (New York: Christian Literature Company, 1886), 443.
21. Roberts, Donaldson, & Coxe, *Fathers of the Third and Fourth Centuries*, 495.
22. Lozanova-Stancheve, "Constantine and Christmas", 10: In 274 is die fees ter ere van *Natalis Solis Invictus* (die geboorte van die onoorwinlike son) deur keiser Aurelianus ingestel op 25 Desember. P. Schaff, *History of the Christian Church, Nicene and Post-Nicene Christianity A.D. 311-590* (Massachusetts: Hendrickson Publishers, 2006b), 396: Hierdie fees het onder andere gepaardgegaan met partytjies, die aansteek van kerse, die gee van geskenke en die versiering van bome.
23. M. Dahlin, "The Center of All Festivals, A translation and analysis of Chrysostom's Christmas Sermons", Theses (New Saint Andrews College, 2012), 7.
24. Schaff, *History of the Christian Church, A.D.* 311-590, 397.
25. P. Schaff, (red.), *The Confessions and Letters of St. Augustin with a Sketch of His Life and Work,* vol. 1, Nicene and Post-Nicene Fathers (New York: Christian Literature Company, 1886), 300-318.

Vervolg op bl. 12 »



# Die man agter die rooi pak en die wit baard: 'n Blik op die geskiedkundige Nikolaas van Myra

**Ds. Henning Dafel**[1]

**Dit is weer die feesseisoen en niemand hoef te wonder van wie jy praat as jy na 'n rooi pak, wit baard of geskenke verwys nie. Tog steek daar veel meer agter hierdie figuur as wat die meeste mense vermoed.**

Europa is selfs vandag steeds diep onder die invloed van die Rooms-Katolieke Kerk se gebruik om op verskillende dae verskillende "heiliges" te vier. Hoewel sommige van die heiliges in sommige dele meer gewild as ander is (st. Patrick in Ierland; st. George in Engeland; st. Johanna van Arkel [Joan of Arc] in Frankryk), is daar weer ander wat steeds wydverspreide gewildheid geniet. Nikolaas van Myra is een van hulle.

Nikolaas van Myra word tradisioneel op 6 Desember gedenk, 'n dag wat in verskeie Europese lande as Sint Nikolaasdag of Sinterklaasfees bekendstaan.

- In Nederland en België word Sinterklaasdag gevier met die uitruil van geskenke, veral vir kinders. Tradisioneel word geglo dat Sinterklaas op 'n wit perd ry en deur 'n helper, Zwarte Piet, vergesel word.
- In Duitsland vier kinders *Nikolaustag* deur hul skoene of stewels buite te sit met die hoop dat sint Nikolaas dit gedurende die nag met lekkers en klein geskenkies sal vul.
- In Oos-Europese lande soos Pole en Tsjeggië, word sint Nikolaas dikwels uitgebeeld as 'n biskop wat kinders besoek om hulle vir goeie gedrag te beloon.
- In dele van Frankryk word *la fête de la Saint-Nicolas* gevier met parades, feeste en die uitdeel van spesiale koekies en lekkernye.

Hierdie tradisies weerspieël Nikolaas van Myra se reputasie as 'n beskermheilige van kinders en sy bekendheid vir vrygewigheid en goedhartigheid. Alhoewel die vierings van land tot land verskil, bly die kerngedagte van vrygewigheid en die gee van geskenke 'n sentrale tema.

Nederlandse setlaars het hul Sinterklaas-tradisies na Amerika gebring, waar dit verengels het. In die 19de eeu het kunstenaars begin om *Santa Claus* as 'n jolige man in 'n rooi pak uit te beeld.

**Hierdie beeld is verder deur Coca-Cola se invloedryke advertensies in die 1930's versterk, wat die moderne voorstelling van *Santa Claus* grootliks gevorm het.**



Santa Claus

So het dit gebeur dat 'n historiese kerkvader se nalatenskap só deur mite en verloop van tyd verdraai is, dat hy selfs hier in Suid-Afrika gevier word, terwyl min mense regtig weet wie hy was.

## Vroeë lewe en agtergrond

Nikolaas van Myra se lewe begin in die antieke stad Patara, geleë in die streek Lisië in Klein-Asië, waar hy volgens tradisie rondom 270 gebore is. Sy ouers sterf in een van die vele epidemies wat die streek getref het. Nikolaas het die epidemie oorleef, aangesien sy ouers hom na sy geliefde oom, biskop Nikolaas van Patara, gestuur het om by hom in die klooster buite die stad te gaan bly.

Sy ouers was welgesteld, maar hy het geen belangstelling in hul geld gehad nie. Hy wou in vroomheid en beskeidenheid leef. Ná sy ouers se dood het hy permanent by sy oom gaan woon en dié het 'n groot invloed op die jong Nikolaas gehad. Van kleins af was hy buitengewoon vroom en vrygewig – eienskappe wat later kenmerkend van sy lewe en nalatenskap sou word.

**As jongman het hy homself aan teologiese studie gewy. Sy toewyding aan die Christelike leer en sy reputasie vir wysheid en medelye het hom as 'n natuurlike leier in sy gemeenskap laat uitstaan. Sy verkiesing as biskop van Myra op 'n relatief jong ouderdom, getuig van die hoë agting wat hy onder sy tydgenote geniet het.**

Een van die hoogtepunte van sy loopbaan was sy deelname aan die Konsilie van Nicéa in 325. Die konsilie staan bekend vir verskeie belangrike sake:

- Die formulering van die Geloofsbelydenis van Nicéa, wat die kernleerstellings van die Christelike geloof uiteensit. Ons onderskryf dit ook in die AP Kerk.
- Die bevestiging van die leer van die Drie-eenheid, met 'n spesifieke fokus op die verhouding tussen God die Vader en God die Seun.
- Die verwerping van Arianisme.

**Hierdie konsilie wat deur keiser Konstantyn die Grote byeengeroep is, was 'n belangrike mylpaal in die geskiedenis van die Christendom en het 'n beduidende invloed op die kerk se begrip van Christelike teologie gehad.**

Soos reeds gemeld, was Arianisme 'n groot besprekingspunt. Arius, 'n ouderling uit Alexandrië, het 'n leer verkondig wat die Goddelikheid van Jesus Christus bevraagteken het. Hy het beweer dat Jesus 'n skepsel is, en nie die ewige Seun van God nie. Nikolaas van Myra, bekend vir sy vurige verdediging van ortodokse Christelike leerstellings, was sterk gekant teen Arius se idees. Volgens 'n gewilde legende het Nikolaas van Myra tydens die konsilie so ontsteld geraak oor Arius se argumente dat hy hom 'n vuishou gegee het.

Hoewel hy 'n vurige teoloog was, is dít nie wat van hom 'n geliefde kerkleier gemaak het nie.

Een van die bekendste verhale oor Nikolaas van Myra se


*Nikolaas van Myra*

liefdadigheid behels 'n arm wewenaar en sy drie dogters. Ná sy vrou se dood het die wewenaar in ernstige finansiële nood verval. Hy het dit selfs oorweeg om sy dogters as slawe te laat werk om te oorleef. Nikolaas van Myra het hiervan te hore gekom en besluit om in te gryp. Hy het anoniem drie sakke goud deur die venster van die man se huis gegooi, een vir elke dogter se bruidskat. Hierdie daad het die dogters in staat gestel om te trou en die familie van armoede gered. Hoewel die wewenaar uiteindelik Nikolaas se identiteit ontdek het, het hy hom gevra om dit geheim te hou. Dit was dié sin vir barmhartigheid waarvoor hy bekend was en wat die grond vir baie van die tradisies rondom Sinterklaas vorm.

In 'n ander verhaal, wat Migael, 'n argimandriet[2] vertel, is drie onskuldige manne deur goewerneur Eustathius ter dood veroordeel. Net toe hulle tereggestel sou word, het Nikolaas verskyn, die laksman sy swaard laat sak, die manne van hul kettings

1. Leraar van die AP Kerk Potgietersrus.
2. Oppergeestelike van die Griekse kerk wat onder die biskop ressorteer en toesig oor 'n groep kloosters het; ook opperab.

bevry en ’n regter wat omkoopgeld aanvaar het, kwaai berispe.

Volgens tradisie het Nikolaas van Myra op 6 Desember 343 gesterf. Hy is aanvanklik in Myra begrawe, maar sy oorskot is later na Bari, Italië, verskuif. Dit het daartoe bygedra dat hy regoor Europa vereer is. Met verloop van tyd het Nikolaas die beskermheilige van verskeie groepe geword, insluitend kinders, seevaarders, vissers en selfs berouvolle diewe.

Ten slotte moet ons dalk van die volgende kennis neem:

- Nikolaas van Myra se vrygewigheid wat deur ons hedendaagse geskenktradisies weerspieël word, herinner ons aan Christus se onbaatsugtige liefde. As gelowiges moet ons gereeld hierdie vrygewigheid beoefen, nie net tydens die feesseisoen nie.
- Ons moet ook leer onderskei. Nikolaas van Myra was ’n figuur wat juis op barmhartigheid ingestel was. Kersvader verteenwoordig vandag eerder hebsug en gierigheid. Selflose diensbaarheid staan dus teenoor selfgesentreerde hebsug. As ons by geloof die deug wil voeg (vgl. 2 Petr. 1:5) moet ons die eerbare voorbeelde wat ons het, uitlig en navolg (vgl. 2 Tim. 3:10-11).
- Ons moet egter ook versigtig wees om nie mense te vereer nie. Nikolaas van Myra was nie net bekend vir sy barmhartigheid nie, maar ook vir sy nederigheid.
- Dit is ook interessant dat sy nalatenskap vir lank nie met Kersdag geassosieer was nie, maar eerder as ’n soort inleiding tot die feesseisoen gesien is. Dink aan die Sinterklaas-tradisies in Nederland. Terwyl ons dus die goeie voorbeelde wat ons het, moet gedenk, moet ons versigtig wees vir die tendens dat menslike voorkeure Christus verplaas.
- Laastens is sy bydrae tot die Konsilie van Nicéa en die belydenis wat daar geformuleer is, ’n belangrike herinnering dat ons absolute toewyding aan ons Here Jesus ons hoogste prioriteit moet wees.

Gaan jy hierdie feestyd ’n skeefgetrekte en gekommersialiseerde skaduwee (Kersvader) vier, of gaan jy in navolging van Nikolaas van Myra, Christus se lig en liefde met woord en daad gedenk? ☺

---

« Vervolg vanaf bl. 9

## Die viering van die geboorte van Christus: Op voetspoor van die kerkvaders

die geboorte van Christus nie. Inteendeel, in sy beredenering van die feeste maak hy die stelling dat slegs Paasfees en Pinkster gevestig is op grond van die Skrif (15:32). Wat ander feeste betref, was hy nie daarteen gekant nie mits die simbole daarvan die leer van verlossing dien (7:13), as feeste in verskeie plekke van mekaar in vorm verskil en nie die gewetens van ander bind nie (18:34).

**Wat dus opmerklik is, is dat die kerkvaders self nêrens in hul geskrifte ingaan op presies hoe Teofanie binne die Christelike kerk van die 4de tot 5de eeu gevul of gevier was nie.**

### Slotopmerkings

Wat sal ons dan van die viering van Kersfees/Teofanie sê?

- Teofanie het glad nie in die 1ste tot 3de eeu voorgekom nie.
- Dit is die eerste keer in Rome in die 4de eeu gevier en het ooswaarts begin versprei.
- Oor die algemeen was daar van die kerkvaders en geskrifte uit die 4de tot 5de eeu wat die viering van Teofanie voorgestaan het, maar dit is ook duidelik dat dit nie deur die kerk in daardie tyd universeel onderhou is nie.
- Alhoewel daar beslis raakpunte tussen die datums en gebruike van die heidense fees van *Solis Invictus* en Teofanie was, beteken dit nie dat die heidense fees “verchristelik” is nie.
- Waar die fees wel gevier is, het dit ’n duidelike onderskeid met die heidense feeste getref.

Hoe behoort ons vandag na Kersfees te kyk? Daar is twee beginsels wat ons by die kerkvaders kan leer. Eerstens, dat die viering van Kersfees, al dan nie, aan die individu oorgelaat word. Die kerk kan dit nie voorskryf nie, maar daar behoort ook nie neergesien te word op hulle wat dit wel hou nie. Tweedens, die viering van die fees en die inkleding daarvan behoort duidelik onderskeibaar van wêreldse feesvieringe te wees sodat dit waarlik ’n Christusfees is, eerder as ’n Kersvaderfees. ☺

# SMELTOOND

• *Desember 2024/Januarie 2025* •

**Deur Charlotte Möller**



# Wat laat kruisies 'n wenstem praat?

Oor die lug galm dit en op papier is dit goue letters: Amerikaners skaar hulle onder 'n Trump-banier. Jaco Kleynhans, Solidariteit se hoof van internasionale skakeling, sê aan die einde van die verkiesingstryd onder meer: "Vir die eerste keer sedert 1884 behaal 'n voormalige president, uitgestem ná sy eerste ampstermyn, 'n wegholoorwinning die tweede keer. Donald Trump se sege is 'n reuseoorwinning oor die globalistiese elite, die diep staat, die burokrate in die VSA, dieselfde mense wat regeer in Berlyn, Brussel, Londen, Den Haag, Parys, Madrid. Mense met 'n sekere stel van utopiese denke oor hoe die wêreld moet lyk, hoe dit moet funksioneer, hoe internasionale organisasies soos die VN en NAVO moet funksioneer. Trump breek weg van hierdie geloof van globale integrasie en stel Amerikaners weer eerste."[1]

Willie Spies, uitvoerende voorsitter van Pretoria FM, meen dat "'n belangrike komponent van die Republikeinse veldtog teen die sogenaamde diep staat [was]." Ook dat gewone mense ... "minder staatsoorheersing en meer selfstandigheid [eis]".[2]

Dit bring 'n mens nou by die groot vraag: Wat was die motief agter Amerikaners se pro-Republikeinse stem? Die leier, en/of sy beloftes? Kyk ons na die leierskapsmotief, is daar maar een navolgenswaardige model, dié van Jesus Christus, die Koning van die kerk, én alle nasies.[3] Vanuit 'n Christelike perspektief moet 'n leier *diensvaardig*, nie magsbehep wees nie. Hy moet *nederig* wees, bereid om tussen sy mense te "woon", sy foute te erken en daarvoor verskoning te vra. Hy moet *integriteit* hê – hy moet doen wat hy beloof. Hy moet *menslikheid* openbaar – hy moet met al die vlakke van die samelewing kan assosieer. Hy moet *verantwoordelik* wees vir die welsyn van sy mense, maar ook vir sy eie optrede. Hy moet *visioenêr* optree en nie net rekening hou met die behoeftes en nood van die hedendaagse mens nie, maar ook met dié van die nageslag. Hy moet *wysheid* openbaar wat nie noodwendig te doen het met intellektualiteit nie, maar getuig van deeglike oorweging van 'n saak en goeie oordeel.

Oor kiesers se motiewe is die volgende kenners se waarnemings insiggewend. Prof. Theo Venter, politieke ontleder verbonde aan die Universiteit van Johannesburg, sê 41% van kiesers het vir Trump gestem weens sy *duidelike leierskap*, aldus 'n uitgangspeiling tydens die verkiesing.[4] "Sy persoonlikheid het net vir 7% van die kiesers saak gemaak ... en 'n mens moet onthou dat Trump eintlik die gewone Amerikaner met sy soms kru uitgesprokenheid versinnebeeld." Dr. Ernst Roets, uitvoerende direkteur van die Afrikanerstigting, meen dat Amerikaners 'n leier wil hê, en verkies het, wat "instap en die hok skud".[5] Volgens dié twee kenners is Amerikaners tot barstens toe sat vir die situasie in hul land en Trump se beleid het die deurslag gegee. Volgens Jaco Kleynhans het Trump deurgaans klem gelê op sake wat Jan Alleman raak.[6] Trump is gereeld uitgekryt as iemand wat 'n stok in elke wiel wil steek. Tog meen die politieke ontleder, prof. André Duvenage, verbonde aan die Noordwes-Universiteit, dat Amerikaners juis vir hom gestem het omdat "hulle teen oordrewe politieke korrektheid ('wokeness') is".[7] 'n Verdere spyker in die Demokratiese doodskis was natuurlik Trump se belofte van vrede in Israel/Gasa en Oekraïëne. Hiermee het nie net Amerikaners hom op die skouers begin dra nie, maar ook kiesers van Arabiese- en Moslem-afkoms.

"Stel Amerika weer eerste!" was dus 'n belangrike motief vir Amerikaners se pro-Republikeinse stem. Kamala Harris, soos Biden, is uitgesproke liberaal/links-progressief en proglobalisasie. Ons kan dit so verstaan dat hulle (die Demokrate) Amerikaners, en eintlik die wêreld, onder die vaandel van "vryheid, gelykheid en broederskap" wil verenig waar hulle, die regerende elite, die "maak-of-breek-broer" in hierdie "vrye, gelyke" broederskap is. Dit lyk egter of daar onder Amerikaners 'n skuif weg van globalisasie is. Dit lyk of die idee van 'n "een-en-dieselfde-wêreld-vir-almal" sy swanesang begin sing. Is daar by Amerikaners dus 'n teruggrype na 'n ekonomiese nasionalisme, 'n "Amerika eerste!" as teenvoeter vir veral ekonomiese globalisasie? Wat was dan nou eintlik die "valbylkruisie": die leier, en/of sy beloftes van 'n beter Amerika vir Amerikaners? Was pragmatisme of dieperliggende beginsels die dryfkrag agter die stem? Slegs die tyd sal leer.

------------------------------------------------------

1. Kortliks opgesom uit J. Kleynhans se kommentaar by https://bit.ly/4epryrT
2. W. Spies by https://bit.ly/3YIRDMD
3. J.H. van Wyk by https://bit.ly/3CqGuc4
4. T. Venter by https://bit.ly/3YMiO9k
5. E. Roets by https://bit.ly/3YMiO9k
6. Kleynhans by https://bit.ly/3YMiO9k
7. A. Duvenhage by https://bit.ly/3YMiO9k
8. Vgl. Kleynhans by https://bit.ly/4epryrT



# Die viering van Kersfees in verskillende tradisies, lande en volke

**Ds. Adriaan Bester**[1]

**Wêreldwyd word Kersfees jaarliks gevier, maar die gebruike en wyse waarop dit gevier word, verskil uiteenlopend van een geloofstradisie na 'n volgende en van een volk en kultuurgemeenskap na 'n volgende. In hierdie artikel gaan ons kyk na die interessante gebruike en tradisies rondom Kersfees regoor die wêreld.**

In die **Grieks- en Russies-Ortodokse tradisie** word Kersfees op 7 Januarie gevier omdat hulle die Juliaanse kalender gebruik, terwyl die res van die Westerse beskawing Kersfees op 24 en 25 Desember volgens die Gregoriaanse kalender vier. In die Rooms-Katolieke en Oosters-Ortodokse tradisie word daar tydens die Kersseisoen baie gemaak van verskillende heiliges, soos sint (heilige) Nikolaas, wat die oorspronklike Kersvader was.

Kos speel natuurlik 'n belangrike rol gedurende die feestyd. In die oorwegend Luthers-Skandinawiese lande soos Noorweë, Swede, Denemarke en Finland bestaan die hoofgereg by 'n Kersmaal uit varkvleis, maar in Duitsland is dit eend. In die oorwegend Rooms-Katolieke lande soos Spanje, Portugal en Italië word daar tot en met Kersdag gevas van vleis en seekosse word geëet. In Brittanje, veral in Engeland, word daar op Oukersaand of Kersdag kalkoen geëet.

In **Duitsland** begin Advent en die Kersseisoen op 6 Desember met Sint Nikolaasdag en die feestyd duur tot 6 Januarie wanneer die koms van die drie wyse manne op Driekoningedag (*Dreikönigstag*) herdenk word. Die hoogtepunt van Duitse Kersvieringe vind plaas op Oukersdag met 'n Kersdiens en 'n groot ete, waarna die Kersgeskenke oopgemaak word. Die Kersboom of *tannenbaum* is oorspronklik 'n ou Duitse Kersfeesgebruik wat terugdateer uit die 16de eeu en wat sedertdien regoor die wêreld versprei het. Twee ander noemenswaardige Duitse Kerstradisies is die Adventskrans en -kalender. Die Adventskrans word tradisioneel tuis gemaak en bestaan uit 'n krans van dennetakke met vyf kerse, een vir elke Sondag wat Kersfees voorafgaan. Elke Sondag word daar nog 'n kers aangesteek totdat al vyf kerse op Kersdag brand. Met die Adventskalender word die dae afgetel tot Kersdag en is daar 'n sjokolade of lekkerny vir elke dag.

In **Nederland** breek die Kersgety op 5 Desember met Sinterklaasavond aan. Anders as in baie ander lande, gebeur daar niks noemenswaardig op Oukersdag nie. Kersdag (25 Desember) wat *Eerste Kerstdag* genoem word, is die hoogtepunt van Nederlandse Kersvieringe. Nederland het ook 'n *Tweede Kerstdag* op 26 Desember. Op *Eerste Kerstdag* word daar 'n feesmaal voorberei en gebak soos net die Hollanders kan en geskenke word uitgedeel en oopgemaak. Selfs die Kersversierings aan die Kersbome bestaan uit fyngebak! 'n Unieke Kersfeesgebruik in die Lae Lande (Nederland en België) is die blaas van die midwinterhoring. Die blaas van die horings met hul lae, somber geskal weerklink veral in die plattelandse dele van Nederland en kan van ver gehoor word. Op *Tweede Kerstdag* is daar 'n kerkdiens wat deur groot getalle mense bygewoon word. Die res van *Tweede Kerstdag* word met besoeke aan familielede en geliefdes deurgebring.

In **Frankryk** begin die Kersgety op 1 Desember en eindig op 6 Januarie met *la Fête des Rois*, die fees van die drie wyse manne. Op Oukersaand word daar 'n groot ete genuttig en om middernag is daar 'n spesiale Kersfeesdiens of mis wat deur almal bygewoon word. In elke huis en kerk, en selfs op grasperke en in die strate

van dorpe en stede, is daar oral ornamentele Kerstoneeltjies met Josef en Maria in die stal saam met die herders, wyse manne en plaasdiere. Dit is gebruiklik om die baba eers ná afloop van die middernagdiens in die krippie te plaas. Die Franse is natuurlik wêreldberoemd vir hul kook- en bakvernuf en tydens die Kerstyd word daar spesiale koeke gebak en die week voor Kersfees word daar 13 verskillende nageregte voorberei, een vir elkeen van die 13 apostels. In plaas daarvan dat kouse vir Kersvader aan die kaggel opgehang word, sit elkeen sy skoene by die kaggel vir hom neer om 'n geskenkie daarin te los.

In **Brittanje** is daar 'n klomp interessante Kerstradisies wat vir ons in Suid-Afrika as 'n oud-Britse kolonie en Statebondland baie bekend is. Op Kersdag eet die Britte 'n warm gekookte ete met kalkoen as deel van die hoofmaaltyd en 'n warm gebakte poeding met 'n silwermuntstuk wat daarin versteek is. Vrugtekoeke en -pasteitjies maak deel uit van die feesgetygebak. Kersvader en Kersgeskenke is sentraal tot die Britte se Kersfeesviering. Kersklappers is nóg 'n Britse tradisie wat oor die water gespoel het en wat oral in ons winkels te sien is met die aanloop tot Kersfees. 'n Verdere Britse gebruik wat na ons oorgespoel het, is dat 26 Desember ook 'n openbare vakansiedag is. In Engeland is dit *Boxing Day* en in Suid Afrika is dit Welwillendheidsdag. Baie van die hedendaagse Britse Kersgebruike, soos die Kersboom, is deur die grotendeels Duitse koningshuis van die Engelse gedurende die 18de en 19de eeu ingevoer. 'n Nuwe Kersgebruik wat uit die onlangse verlede dateer, is dat skoendose tydens die Kersgety volgepak word met allerlei benodigdhede en lekkernye en dan geskenk word aan minderbevoorregtes, bejaardes en eensames in die gemeenskap. In Skotland is die viering van Kersfees as 'n volksvreemde Roomse gebruik beskou en ná die Reformasie van die 16de en 17de eeu in 1640 heeltemal onwettig verklaar. Kersfees het eers in 1958 'n openbare vakansiedag in Skotland geword.

In **Suid-Afrika** is Kersvieringe baie soortgelyk aan die Britte s'n en in sommige gevalle is dit, soos in Europa, 'n fees wat heeltemal sekulêr geword het en wat net om die Kersboom, Kersvader en Kersgeskenke draai. Vir baie gelowige Afrikaners gaan Kersfees egter om die viering van die geboorte van ons Here Jesus en is die bywoon van 'n kerkdiens en die voorlees van die geboorteverhaal van Christus en die sing van Kersliedere vir ons sentraal tot die viering van Kersfees. Naas Paasfees is die herdenking van Christus se vleeswording vir ons die tweede grootste hoogtepunt van die Christelike kerkjaar. In die weke wat opbou tot Kersfees stof ons al die pragtige ou Kersgesange weer af en sing ons uit volle bors geliefde gesange soos Stille Nag en Somerkersfees. Sommige families kom op Oukersdag saam en ander weer op Kersdag.

Omdat dit in Desember hoogsomer in Suid-Afrika en Namibië is, bestaan die Kersmaal dikwels uit braaivleis of kouevleise en slaaie, maar daar is steeds families wat 'n warm gekookte ete op Kersdag voorsit. In baie families lees 'n oupa of pa eers die geboorteverhaal van die Here Jesus voor en daarna word geskenke uitgedeel en oopgemaak. In baie plattelandse dorpe word 'n trekker en sleepwa ingespan en word daar deur die strate gery en Kersliedere gesing en is daar soms selfs 'n Kersvader wat geskenke en lekkers aan die dorp se kinders, bejaardes en minderbevoorregtes uitdeel.

Ongeag die verskille in hoe Kersfees wêreldwyd gevier word, is daar tog gemene delers en is Kersfees steeds vir gelowiges uit elke stam en nasie, volk en taal, die tyd waarin ons daaraan dink dat God die Vader 'n verloregaande mensdom so liefgehad het dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het om 'n mens te word. Dit is 'n feesgety wanneer ons wegbreek van die alledaagse gejaag van werk en skool en weer 'n slag by ons mense uitkom om weer die familiebande te verstewig. Dit is 'n tyd vir lekker eet – lekkerder en meer as normaalweg, en 'n tyd vir andersins geoorloofde luukses en binne perke, ook 'n bietjie spandabelrigheid. Van kleins af is ons daarvan bewus dat die Kersgety en Kersfees anders is as die res van die jaar en daarom sien ons van kindsbeen af uit na die feestyd – nie net na die geskenke nie, maar soos ons ouer word, al hoe meer en meer na die kosbare tye saam met familie om die braaivleisvure en om die feesmale van die Kersfeestafels. Met deurentyd die wete – Christus is gebore! ☺

1. Leraar van die AP kerke Barkley-Oos, Stormberg, Tarkastad en Steynsburg.



# Krip én kruis: ’n Gesprek oor *Kerssangdienste*

**Ds. Aubrey Hough**[1]

**Christene voel dikwels verplig om hulself uit te spreek teen die sekularisering van Kersfees. Natuurlik is dit reg so, maar tog bestaan die gevaar dat iemand so kan opgaan in die *sekularisering-ontbloting* van Kersfees, dat ons onsself te na kom in die *vreugde-viering* van Kersfees. Hierdie sou derhalwe dan ook die wenslikheid (al dan nie) van die viering van Kersfees óók deur *Kerssangdienste*, insluit.**

## Gereformeerd?

In die ou vraag of Kerssangdienste wel in die gereformeerde tradisie tuishoort, is ’n uitsonderlike antwoord te vind in die woorde van ds. T Hamersma[2] se boek *Van hart tot hart*, in die artikel “Kersfees 1929: te hoog vir die nederige stal.”[3]

Hierin bespreek ds. Hamersma die vraag of gereformeerdes wel Kersliedere moet sing of nie, en kom dan tot die meesterlike antwoord:

> **“Uit onnodige angs dat ons nie gereformeerd sal bly nie, ly ons partykeer geestelike armoede. Ons sien en voel dat ons iets mis, dat daar ’n skreiende gebrek is, maar ons hou uit, want dalk verlaat ons die gereformeerde paaie.”**

## Vreugdetyd

Wanneer die kerk van Christus die geboorte van ons Here oordink en in die Kerstyd daarop gefokus is, is dit inderdaad ’n vreugdetyd. Die aankondiging van die engele aan die herders het juis die boodskap van vreugde beklemtoon:

> *Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle ’n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees ...* (Lk. 2:10).

Kerssangdienste is derhalwe ’n kosbare middel waardeur die vreugde van Kerstyd aan die gemeente gekanaliseer kan word en die gemeente dit op ’n sintuiglike manier kan beleef en daaraan deelneem. (Dieselfde argument sou natuurlik ook geld vir Paastyd, waar die lyde van ons Here Jesus op die voorgrond kom staan.)

Wat Kerssangdienste aanbetref, sou daar egter wel op die volgende gelet moet word:

**1** Die ouderlingeraad bly verantwoordelik vir die uiteindelike produk. Leraars kan nie onbetrokke wees in die beplanning van die Kerssangdiens nie. Hiermee is dit belangrik om te let dat die Kerssangdiens nie ’n verskoning is om verskuilde valse dwaalleer te laat “deurglip” nie.

**2** Een van die belangrikste aspekte waarop daar gelet moet word by die Kerssangdiens om te keer vir dwaalleer, is om te waak teen sentimentalisme. Kersfees (en Kerssangdienste) kan nie ’n “ag-siestog-baba-in-die-krip”-uitvoering word nie.

> **Om Kersfees werklik sinvol te verstaan, is om te weet dat die krip en die kruis van ons Here Jesus nie los van mekaar kan funksioneer nie.**

Só het die engel die boodskap aan Josef gebring (Mt. 1:21) dat die geboorte en dood van Jesus intens ineengestrengel is:

> *... en sy sal ’n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.*

Reeds met die geboorte van die Here Jesus het die skadu van die kruis oor sy krip geval. Hy het Homself ge*krip*, om ge*kruis* te word.

3 ’n Kerssangdiens kan natuurlik op enige dag van die week geskied, maar oor die algemeen hou gemeentes dit op ’n Sondag. Hier is dit egter baie belangrik om ’n beginsel te handhaaf dat die Kerssangdiens nie die erediens van die Sondag mag vervang nie. Dit kan wel sinvol wees om ’n erediens “in te kleur” met die Kersboodskap sentraal, maar dan moet die basiese struktuur van die erediens gehandhaaf word, naamlik die beginsel van Woord en wederwoord (God praat en die mens antwoord).

**Elemente van die erediens soos verootmoediging, vryspraak, vermaning, Woordverkondiging, gebed en seën kan nie nagelaat word nie.**

Wanneer ’n Kerssangdiens naas die erediens as ’n aparte geleentheid gehou word, gaan daar diepte verlore as dit slegs ’n “uitvoering” is. Die sinvolste Kerssangdienste is waar ’n tweegesprek tussen God en mens deeglik beplan word.

## ’n Kerssangdiens met verantwoordelikheid

Mense het ’n groot liefde en waardering vir Kerssangdienste. Dit is immers die tyd wat die Here Jesus gebore is en die wêreld verander het. Kersfees en Kerssangdienste roep ons egter tot verantwoordelike beplanning op sodat die “regte Jesus”, van krip én kruis, verkondig sal word.

1. Leraar van die AP Kerk Tzaneen.
2. Ds. Taetse Hamersma was van Friesland en in die lewe predikant in twee gemeentes, eers GKSA Philipstown tot 1922 en daarna Colesberg.
3. In ’n uitgawe van *Kwarteltjie* (November 2014), is ek op die spoor van hierdie kosbare skrywe geplaas. Vgl. gerus by https://bit.ly/40DdIii


Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS




“Aan die hand van die Heidelbergse Kategismus wil hierdie boek jou help om die Drie-enige God beter te leer ken en Hom van harte lief te hê. Dit beteken dat die kennis wat jy opdoen nie net “boekekennis” moet bly nie, maar in jou hart geskryf moet staan. Dan sal jy in staat wees om jou hele lewe al hoe meer in liefde aan God toe te wy.”
– Ds. Ferdinand Bijzet

**PRYS: R200**








**PRYS: R65 elk.** Stel kleuters speel-speel en op interaktiewe wyse bekend aan die Bybel. Die aktiwiteite in die boekie is so ontwerp dat dit nie net Bybelse waarhede aan kleuters oordra nie, maar ook met hulle ontwikkeling help.

**DIE VOLLEDIGE REEKS IS NOU BESKIKBAAR!**










www.liginduisternis.co.za • boekwinkel@liginduisternis.co.za
Lig in Duisternis UITGEWERS



# Kersgeskenke en -versierings: tradisie of verleiding?

**Ds. Jan Brink**[1]

*Maar God sy dank vir sy onuitspreeklike gawe* (2 Kor. 9:15).

Die bekende Amerikaanse prediker, John Piper, sê:

> **"Die wese van Kersfees bestaan uit 'n Goddelike oorvloed van vrygewigheid, barmhartigheid en genade. Om vir ons te doen en vir ons te gee wat ons nooit vir onsself kon doen, of op ons eie kon kry nie. Die uiteindelike geskenk is God. Hy gee Homself, soos die Woord ons in 1 Petrus 3:18 leer: *Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring ...* Jesus se geboorte, kruisdood en opstanding was nodig sodat ons God as ons hoogste, allesbevredigende geskenk of skat kon hê."[2]**

Wanneer Christene dus oor Kersgeskenke en -versierings nadink, moet dit altyd vanuit hierdie vertrekpunt geskied. Die hart van Kersfees is God wat Homself deur sy Seun Jesus Christus vir ons gee. Vir kinders van die Here wat hierdie fees vier, moet dít altyd die vertrekpunt van ons denke wees: Hoe is ek besig om deur my geskenke of versierings God uit te beeld en Hom te verheerlik?

Kersgeskenke en -versierings het natuurlik 'n baie lang tradisie binne ons volk. Dit is ongelukkig so dat die korporatiewe wêreld die hele gedagte van geskenke en versierings met hul beheptheid met winsbejag, gekaap het. Mense gaan byvoorbeeld oorboord met versierings bestaande uit liggies waarmee hulle die feestyd probeer "ophelder".

Ons moet dus erken dat daar 'n verkeerde manier is om met Kersgeskenke en -versierings om te gaan. Dit is baie maklik om te verdrink in die geskenk-gee-aspek, soos die wêreld dit graag verkondig, bloot omdat dit so 'n ingeburgerde deel van ons kultuur is, terwyl ons fokus op God moet wees, wat die uiteindelike Gewer van alle gawes is. Jakobus leer:

> ***Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie* (Jak. 1:17).**

Juis daarom beteken dit nie dat die tradisie om geskenke te gee, of om jou huis te versier, noodwendig afbreek aan die werklike betekenis van Kersfeesvieringe doen, net omdat onwelvoeglike materialisme vandag 'n groot deel van Kersvieringe opgeëis het nie.[3] In die gees van die ware betekenis van Kersfees kan geskenke en versierings ons juis opgewonde maak en met afwagting vul. Eintlik vier ons Jesus Christus se menswording daagliks en nie net op Kersdag of gedurende die Kerstyd nie. Tog kan ons die Kerstyd (met sy geskenke en versierings) gebruik om doelbewus onsself en ander aan hierdie waarheid te herinner en dit te koester.

As dit wat in ons harte leef en die getuienis wat ons uitleef nié meer fokus op God wat Homself vir ons in Jesus Christus gegee het nie, moet ons die waarskuwingsligte sien flikker, dat ons besig is met praktyke wat nie tot God se eer is nie. Dan het ons inderdaad gestruikel voor die wêreldse tydsgees wat van Kersfees 'n mensverheerlikende fees gemaak het.

Die Woord van die Here roep ons in Hebreërs 13:16 op:

> ***Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie, want God het 'n welbehae aan sulke offers.***

Die versierings van Desembermaand en die geskenke wat ons tydens dié feestyd vir mekaar gee, moet spreek van ons dankbaarheid teenoor God dat Hy Homself vir ons gegee

het. Daardeur is ons ook besig om na sy beeld te leef wanneer ons uit ware dankbaarheid aan mekaar gee.

Laat ons hierdie Kersseisoen met dankbare harte ingaan, nederig van gees. Mag ons Kersgeskenke en -versierings nie net uiterlike tekens wees nie, maar 'n weerspieëling van die innerlike vreugde en dankbaarheid wat ons ervaar oor die grootste geskenk van almal – Jesus Christus. Soos ons ons huise versier en geskenke uitdeel, moet ons onthou dat elke liggie en elke geskenk 'n herinnering is aan die Lig van die wêreld en die onuitspreeklike gawe van God se liefde. Mag ons dade en gesindheid hierdie Kersfees 'n ware getuienis wees van die genade en barmhartigheid wat ons in Jesus Christus ontvang het.

1. Leraar van die AP kerke Grootfontein en Outjo.
2. https://bit.ly/3YHfnRp
3. https://bit.ly/3NU8wz4

## BESTEK VIR BYBELKENNISEKSAMEN 2025

| Graad | Ou Testament | Nuwe Testament | Handboek |
|---|---|---|---|
| **Graad 4** | Génesis 6-9; Exodus 12 | Matthéüs 21-23 | Les 1-9 |
| **Graad 5** | Númeri 22-24 | Lukas 4-5; Johannes 10-11 | Les 1-9 |
| **Graad 6** | Rut 1-4 | Handelinge 4-6; Filippense 3-4 | Les 1-9 |
| **Graad 7** | 1 Samuel 8-10; 1 Konings 3 | 1 Thessalonicense 1-5 | Les 1-9 |
| **Graad 8** | Levítikus 1-3; Nehemía 1-4 | Jakobus 4-5; 1 Petrus 3-4 | Les 1-9 |
| **Graad 9** | Daniël 4-6; Jes. 12-14 | 1 Johannes 1-3 | Les 1-9 |
| **Graad 10** | Hoséa1-3; Joël 1-2; Job 5 | Efésiërs 1-2; Hebreërs 5-6 | Les 1-9 |
| **Graad 11** | Miga 1-3; Nahum | Romeine 9-11; 2 Korinthiërs 1-3 | Les 1-9 |
| **Belydende lidmate** | Exodus 32-34; Nehemía 1-4 | Hebreërs 11-13; Openbaring 5-8:2 | NGB: Artikels 30-32 |





# AP KERK SUIDKUS
## NOOI BESOEKERS EN PREDIKANTE UIT

Die AP Kerk Suidkus nooi besoekers aan die kus om eredienste by te woon (Sondae, 09:00).

Graag nooi ons ook predikante wat in die omgewing vakansie hou, om hier te kom preek.

**ADRES:**
**Alexanderweg 58, Margate**

**KONTAK:**
**oudl. Kobie Jacobs 082 896 3236**



# Die verbond en die Geloftes van die Voortrekkers (1838) en Paardekraal (1880)

**Prof. Andries Raath**[1]

## Verbonde en geloftes

Vir die gereformeerde vaders was die verbond die sleutel om die verhouding tussen God en die gelowiges te verstaan. Die verbond, skryf Ursinus, is die band tussen God en die mens, op grond waarvan sondaarmense deur Christus met God versoen word, God se wil in Christus aan die mens geopenbaar word en op grond waarvan gelowiges hulle vir hul saligheid en in hul daaglikse stryd op aarde na God mag wend. Op grond van hierdie band kan gelowiges hulle deur geloftes aan God verbind om 'n goeie saak waartoe God hulle in staat stel, tot eer van God en versterking van die ware geloof te bevorder.

Geloftes in die Bybel neem verskeie vorme aan. Eerstens kan dit deur gelowiges voor God se aangesig afgelê word en onder aanroeping van sy Naam met 'n eed afgelê word (bv. 1 Sam. 12:5 en Jer. 42:5). Tweedens word sommige geloftes aan God gemaak om die heiliging en eer van sy Naam, of die betaling van die gelofte self aan die Here van hemel en aarde te bevestig. Derdens word sommige geloftes aan God in tye van nood, gevaar of kommervolle omstandighede gemaak. Vierdens kan geloftes persoonlik wees, van tydelike duur, of deurlopend alle geslagte bind (vgl. Jer. 34:15 en 2 Kon. 23:3).

## Die aard van die geloftes van 1838 en 1880

Die Voortrekkergelofte van 1838 was 'n gelofte wat voor en aan God gemaak is. Dit handel nie alleen oor die heiliging en eer van die Naam van God as die troue Getuie nie, maar om die betaling van die gelofte self aan die Here van die hemel en die aarde. Die ter sake gedeelte lui:

> **"Hier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen dat, indien Hy met sy beskerming met ons sal wees en ons vyand in ons hand sal gee ..."**

Die inslag van die Paardekraal-gelofte van 1880 was ietwat anders. Dit neem die vorm aan van 'n belofte-eed waardeur beloof word om iets te onderneem wat nie sonde en dus verkeerd is nie:

> **"In die teenwoordigheid van die almagtige God, die Kenner van alle harte, onder biddende opsien om sy genadige hulp en ontferming ... om vir ons en ons kinders 'n heilige verbond op te rig, wat ons met 'n plegtige eed bevestig ... dat ons mekaar die hand gee ... (en) plegtig beloof om trou te bly aan land en volk en om met die oog op God saam te werk, tot die dood toe, vir die herstel van die vryheid van ons Republiek."**

## Die aflê van ondernemings in die teenwoordigheid van God

In die Voortrekkergelofte val die klem op die gelowiges voor die aangesig van God: "Hier staan ons voor die heilige God ... om 'n gelofte aan Hom te doen ..." Die Paardekraalgelofte verwys na die teenwoordigheid van God ...

Waar die Voortrekkers voor God staan en direk aan God 'n belofte maak, staan die burgers by Paardekraal in die teenwoordigheid van God, dus met God self as die getuie en aan Wie hulle verskuldig is om te betaal wat hulle aan mekaar beloof. Die burgers het deurentyd onder die indruk verkeer dat hul onderneming en die klipstapeling wat daaruit voortgekom het, 'n vernuwing van die gelofte van 1838 was. As sodanig was die Paardekraalgelofte dan die verlengstuk van die Voortrekkergelofte van 1838, waarvan die hernuwing die fondament was waarop die "heilige verbond" van Paardekraal as eed van trou aan volk en vaderland, 'n verbintenis was om tot die dood te stry vir die herstel van die verlore vryheid.

## Die verbintenis aan God op grond van die verbond

Uit sowel die Voortrekkergelofte as dié van Paardekraal, straal die erns en besef van die maak van 'n gelofte in God se teenwoordigheid.

Sarel Cilliers vertel in sy joernaal dat hy en Andries Pretorius in groot erns met mekaar gepraat het oor die geloftes wat persone in die Bybel met God gemaak het, en dat in hierdie gesprek ook tekste soos Prediker 5:3 en Psalm 72:12 te berde gekom het. Toe die Voortrekkergelofte uiteindelik gemaak is, is dit duidelik aan die burgers gestel dat as iemand hom onder die gelofte beswaard voel, die betrokkene hom van aflegging moes weerhou omdat die eer van God in die gedrang was. Daarna is die gelofte aand vir aand vir 'n week lank tydens die aandgodsdiens tot voor die Slag van Bloedrivier herhaal.

Tydens die volksbyeenkoms te Paardekraal het Piet Joubert die woord gevoer en gesê dat onder biddende opsien tot God 'n gelofte gemaak moet word en dat dit eenparig moes wees. Diegene wat nie bereid was om die gelofte af te lê nie, moes na links beweeg en diegene wat dit sonder beswaar wou aflê, na regs. Al die burgers het na regs beweeg en daarmee hul erns om die gelofte af te lê, betuig.

### Die beloftes vervat in die Voortrekker- en Paardekraalgelofte onderskeidelik


Die Voortrekkergelofte het beloof om die dag van oorwinning elke jaar as 'n dankdag, soos 'n Sabbat, tot eer van God te vier, om dit aan die kinders mee te deel as gedagtenis vir die nageslagte en om 'n kerk tot eer van God op te rig. Uit dié ondernemings blyk die geloof in God as belangrikste komponent.

By Paardekraal is met 'n plegtige eed gesweer om as volksgenote mekaar die hand te gee, aan land en volk getrou te bly en met die oog op God, tot die dood saam te werk vir die vryheid van die Republiek. Dié gelofte is dus in wese 'n eed van trou aan volk en vaderland waarmee die verpligtinge van die gelowiges saamgevat word in die woorde "erfpand der vaderen", om trou aan land en volk, tot die dood toe te stry vir die herstel van die verlore vryheid.

### Vir wie is die Voortrekker- en Paardekraalgelofte bindend?

Sowel die gelofte van 1838 as dié van 1880 bevat ondernemings om die kinders en die nageslagte te bind. Reeds op 16 Desember 1838 is die oorwinning van daardie dag gesien as God se werk en is die oorwinning verklaar as antwoord van God op die gelofte-gebed wat voor die slag gemaak is. Eweneens is die oorwinning van die Boere oor die Britse imperiale magte te Majuba, vertolk as antwoord van God op die bevestiging en die vernuwing van die gelofte van 1838 te Paardekraal.

Hoewel die hernuwing van die Voortrekkergelofte van tyd tot tyd verwaarloos is, het Voortrekkers soos Sarel Cilliers die hernuwing daarvan deurentyd beklemtoon. So is ook die Paardekraalgelofte gesien as herbevestiging van die Voortrekkergelofte van 1838, toe ongeveer 5 000 burgers deelgeneem het aan 'n klipstapeling wat as herbevestiging van die gelofte van 1838 beskou is. Tydens die Anglo-Boereoorlog het ongeveer 2 000 burgers op Nooitgedacht, aan die Magaliesberge, op 16 Desember 1900, op soortgelyke wyse die Voortrekkergelofte herbevestig.


Voortrekkermonument


Paardekraalmonument

### Gelowiges se gesindheid op 16 Desember 2024 by herbevestiging van die gelofte

Geloftedag 16 Desember 2024 vereis van gereformeerdgesinde gelowiges: Om God se weldade in ons volksgeskiedenis te oordink; die toesegginge en verpligtinge van die Voortrekkergelofte van 1838 met die nodige erns in die geloof te aanvaar; hulself opnuut daaraan te verbind; die God van die verbond te dank vir die weldade wat uit die verlengstuk van die Voortrekkergelofte te Paardekraal voortgevloei het en dit volgens die ondernemings van ons geloofsvadere, vir ons kinders en nageslagte toe te eien.

1. Senior emeritusprofessor en navorsingsgenoot publiekreg, geskiedenis en filosofie, UOVS.



# Kersfees in 'n plakkerskamp

**Hannes Noëth**[1]

## Agtergrond

Die geboorte van Jesus Christus (vgl. Mt. 1:18 e.v.) is uiteraard die hart van die gelowige gesin se Kersdagvieringe. Natuurlik is daar wêreldwyd, en selfs in verskillende gelowe, verskillende beskouings oor hoe Kersdag en Kersfees gevier moet word. Daaroor handel hierdie artikel nie, maar dit probeer ook nie die reg en verkeerd rondom Kersdag beredeneer nie. In die gemiddelde, gewone Afrikanergesin word Kersdag met die herdenking van Jesus Christus se geboortedag geassosieer. En ja, almal is bewus daarvan dat die datum beredeneer word en die wyse van Kersvieringe en die noodsaaklikheid daarvan, al dan nie.

Binne gereformeerde belydenis is ons bewus daarvan dat die gelowige elke dag gekonfronteer word met die geboortedag, kruisiging, opstanding en hemelvaart van ons Verlosser. Dit is vir ons vanselfsprekend in ons proses van regverdigmaking en heiligmaking dat die volle omvang van die reddingswerk van Christus deur ons bely, geglo en geleef word. Dit is vanselfsprekend.

Tog vier ons Kersfees. Gesinne, families, vriende en geloofsgenote kom bymekaar. Die besig wees van die jaar word 'n bietjie agter ons gesit en ons is gewoon net saam, vier fees, kom rondom die Woord van die Here bymekaar en bring aan Hom lof vir die voorreg van nuwe lewe in ons Here. Hy het vir ons lewe gebring en ons bring in herinnering daardie lydensweg wat begin het by die geboorte in 'n krip, daar in Betlehem.

## Die atmosfeer rondom Kersdag

Wanneer ons dus die atmosfeer rondom Kersdag oordink, word ons gebring voor die volgende bekende, herkenbare elemente:

- 'n feesdag,
- 'n saam-wees-dag,
- 'n ons-het-genoeg-dag, en
- 'n rondom-die-Woord-dag.

Hierdie bekende, herkenbare elemente is nie afhanklik van baie hê of min hê nie. Dit kry ons in die meeste families. Die vraag is meer dikwels hoe gaan dit met ons mense se welstand waar hulle is. Kom ons oordink so 'n bietjie hierdie Kersfeesatmosfeer binne 'n plakkerskamp, waar die middele dikwels min en die geleenthede anders is, en die dag dalk so 'n bietjie verskil van ons middelklas- of hoër inkomstegroepe.

## Kersdag in armoede

Meer as een keer in my lewe het ek beleef dat in arm nedersettings (arm plakkerskampe), selfs kinderhuise, die betekenis van Kersdag meer tot sy reg kom as op baie ander plekke. Die rede is eenvoudig. Dit is dikwels asof gemeentes, gesinne en vermoënde mense meer aangegryp word deur die gedagte om tydens Kersdag in oorvloed te versorg en die res van die jaar amper half nonchalant met die armoede om te gaan. So kan dit tog nie wees nie. Maar dit is. Daarom kry jy dikwels dat iemand in sulke nedersettings vir jou uitroep dat Kersdag vir hulle dié dag van die jaar is. Die motief is ongelukkig dikwels nie suiwer nie, maar eerder pragmaties. Dan gee mense makliker en dan is die hande meer oop vir versorging.

> **Daarom sal iemand in 'n kinderhuis vra dat ons tog ook die res van die jaar in gedagte sal hou. Tot 15 geskenke word per kind oor Desember afgelaai, maar Januarie moet 'n kragrekening betaal word.**

In arm nedersettings beleef ons maklik dat mense oor Desember amper onoordeelkundig uitdeel en versorg, om vir 11 maande daarna net weer te vergeet en aan te gaan.

## Moet ons dan eerder nie gee nie?

Ek hoor iemand dié vraag vra. Moet ons dan nie vir daardie

kinders en gesinne die geleentheid gee wat óns gedurende Kersfees het nie? Natuurlik moet ons!

**Maar ons moet Jesus Christus se boodskap oor versorging en omgee vir mekaar wyer as net Kerstyd laat gaan. Sy vryspraak is veel groter en strek veel wyer en dieper as net sy geboorte in 'n krip. Dit oorheers alles en daarom moet Kersfees in 'n arm nedersetting ons nie blind laat vir 'n goedkoop feesdag met arms vol geskenke, net om daarna weer terug te staan en terug te beweeg nie.**

'n Ma kom staan voor my: "Kan julle asseblief die oormaat van kos, wat ons in elk geval nie ken nie, dalk net so bietjie terughou en my kind se skoolgeld vir Januarie betaal?" Dit is nie asof sy nie verstaan wat Kersfees is nie. Dit is nie asof sy nie die gawes waardeer nie. Maar voor haar lê 'n berg wat sy oor 'n halwe maand van Kersfees af moet trotseer. Sy spreek die versugting voor my uit: "Praat met my voor julle help. Moenie my soos 'n bedelaar laat voel wanneer julle help nie."

## Uitdagings

Die probleem wat ons dikwels het as ons met oop harte en gewillige hande wil help, is dat óns besluit wat mense in arm nedersettings vir Kersfees nodig het. Dit klink so absurd. 'n Mens wil uitroep: Ons almal weet tog arm mense moet dankbaar wees vir wat hulle kry! Die vraag is: Regtig?! Is mense in arm omstandighede anders? Is hul uitdagings anders? Is hul behoeftes anders? Dit is nogal belangrik om te erken dat mense se daaglikse vraagstukke verskil, maar in Kerstyd is die behoefte dieselfde: Gesellige saam wees, familietyd, voor God se Woord wees en in gemeenskappe bymekaar wees.

Die uitdaging met die hantering van Kerstyd rondom versorging, is dat ons dikwels omdat ons skuldig voel oor ons tafels vol kos en huise vol middele, skielik in Kerstyd wil uitdeel wat ons nie bereid is om gedurende die res van die jaar te doen nie.

## Hoe dan?

Ja! Gee asseblief, versorg asseblief, maar doen dit verstandig. Doen dit volgens behoefte. Werk deur 'n struktuur. Moenie mense van hul menswaardigheid ontneem nie. Moenie skielik besluit jou oorskiet en jou ekstra en jou gedagtes en jou een-keer-'n-jaar-pakkie moet nou die wêreld se verskil maak nie.

As jy gee: Gee opreg, gee met warmte, maar gee ook wys. Soveel gemeentes, soveel gelowiges, soveel opregtheid. As almal opreg gedurende Desember gee, waar laat dit almal wat behoefte het en almal wat wys gehelp moet word in Januarie? Of wat van 'n Kershart in November waar almal voorberei vir Desember? Wat van bietjie oordink en deurdink in plaas van net die dag voor Kersfees óórlaai en aflaai? Kan ons nie eerder mense betrek by kreatiewe aksies soos om koekies by die kerk te bak, of om dit te help uitdeel, of mooi te maak nie? Of wat daarvan om daardie mense vir 'n Kersete by die kerk te nooi, waar ons in die liefde van Christus vir die mense van die plakkerskamp regstaan?

## Opsommend

Hierdie artikel is nie bedoel om te kritiseer oor hoe ons help nie. Die bedoeling is ook nie om mense se voorreg om wat hulle graag wil skenk, weg te vat nie. Dit wil eerder uitwys dat ons in ons gedagtes onsself bietjie moet wegkeer van hierdie romantiese, goed-voel-Kersfees wat ons vir kinders en gesinne in wit, arm nedersettings wil skep, en dan vreeslik goed oor onsself en ons welwillendheid voel. Christus se geboorte in 'n krip het vir ons meer gegee as wat ons ooit self voor sou kon werk of koop. Daarom maak dit sin om na te dink hoe ons met gawes en middele, maar ook rondom geloof, rondom God se Woord, mense se Kersfees kan verryk deur nie net af te laai in Desember nie, maar wyer te dink, verder te vra en oordeelkundig te help.

Laat ons die viering van Kersfees nie tot die uitdeel van kos en 'n een-maal-per-jaar-fees beperk nie, maar laat ons juis en veral in en rondom arm nedersettings die rykdom van Jesus Christus se geboorte gedenk en herdenk. Laat ons Kersvieringe nie wees die rykes wat vir een dag vir die armes kos gee nie, maar eerder die viering dat almal, ryk en arm, voor God ewig dood en arm was, maar in Christus rykdom en lewe in oorvloed ontvang het sodat ons met vrymoedigheid voor Hom mag kom.

1. Uitvoerende Hoof Solidariteit Helpende Hand.



# Geloftedag: ’n Geestelike herlewing onder Afrikaners?

**Dr. Danie Langner**[1]

**Deur die geskiedenis heen het Afrikaners in krisistye keer op keer teruggegryp na die kern van hul identiteit, gewortel in hul geloof en hul diepe afhanklikheid van God. Veral rondom die herdenking van Geloftedag op 16 Desember, het daar ’n vernuwing van hul geestelike bewussyn plaasgevind. Wat beteken hierdie herlewing regtig? Is dit net ’n terugkeer na tradisie en geskiedenis, of dui dit op ’n dieper geestelike ontwaking?**

Hierdie vraag, aan die hand van onlangse Geloftedagvieringe, is onlosmaaklik verweef met die geskiedenis van die Afrikaner en hul verhouding met hul geloof.

## Die agtergrond van Geloftedag

Om die betekenis van Geloftedag vir Afrikaners te verstaan, moet ons terugkeer na die oorspronklike gebeure wat aanleiding tot hierdie dag gegee het. In 1838, ná maande van verlies, trauma, spanning en stryd, het die Voortrekkers, onder leiding van Andries Pretorius, ’n gelofte afgelê om die dag wat die Here hulle die oorwinning oor die magtige Zoeloeleër mag gee, vir altyd aan Hom te wy. Die gebeure van Bloedrivier is meer as net ’n oorwinning op die slagveld – dit het ’n geestelike pilaar geword waarop die Afrikanergemeenskap in tye van nood sou steun.

> **Die Gelofte was nie net ’n vinnige gebed vir uitkoms nie, maar ’n diep, ernstige belofte van afhanklikheid en nederigheid.**

Die Voortrekkers het besef dat hulle, ten spyte van hul voorbereiding en militêre vaardighede, slegs kon oorleef indien God self tussenbeide sou tree. Hierdie afhanklikheid is die kern van die Geloftedaggebeure en het vir dekades ’n geestelike en kulturele kompas vir Afrikaners gebly.

## Verval en herlewing: ’n Geestelike verskuiwing

Namate die politieke landskap in Suid-Afrika verander het, het ook die verhouding tussen die Afrikanervolk en Geloftedag gewissel. Soos berig is, het die laaste amptelike Geloftedag in 1994 met ’n mate van hartseer geëindig. Slegs ’n handjievol mense het by die Voortrekkermonument opgedaag, terwyl die meerderheid verkies het om ander vermaak na te jaag. Vir baie het dit voorgekom asof die dag sy betekenis verloor het en dat Afrikaners se geestelike identiteit vinnig aan’t verval was.

Tog, binne hierdie konteks van verval, het die saad van herlewing begin groei. Soos later opgeteken, het die afgelope jare ’n merkbare hernude belangstelling in Geloftedag en sy geestelike betekenis onder Afrikaners gewys. In 2023, byvoorbeeld, het meer as 32 000 mense die Geloftedagdiens by die Voortrekkermonument in Pretoria bygewoon. Geloftedag-feeste regoor die land en selfs in die buiteland het opgeskiet.

> **Wat vroeër as ’n vergete dag beskou is, het in ’n nuwe era van betekenis begin blom.**

## Wat dryf hierdie groei?

Wat veroorsaak dan hierdie groei? Is dit bloot ’n teruggryp na nostalgie, na kulturele tradisie, of is daar iets meer aan die gang? As ons kyk na die aard van die dienste wat by Geloftedag gehou word, sien ons ’n besliste fokus op die geestelike betekenis van die dag. Dit gaan nie bloot oor die herdenking van ’n historiese oorwinning nie, maar eerder oor ’n terugkeer na ’n fondament van geloof en afhanklikheid van God. Liedere soos “Die Stem” se vierde vers en “Onse Vader” resoneer deur die skare en versterk die gedagte dat dit nie bloot om

nasionale trots gaan nie, maar om ’n geestelike verbintenis.

Die kern van Geloftedag is nie die volk self nie, maar die Here. Hierdie opmerking is belangrik, want dit keer die fokus weg van die fisiese monumente en historiese gebeure, na ’n geestelike herbesinning oor wat Geloftedag regtig beteken. Dit is ’n oproep tot ’n volk om nie net terug te kyk na die verlede nie, maar om in hul huidige omstandighede weer te bely dat hulle volkome afhanklik van God is.

## Die simboliek van Bloedrivier: ’n Lewende herinnering

Die herlewing van Geloftedag moet in die lig van die oorspronklike gebeure van Bloedrivier gesien word. Daardie dag in 1838, onder aaklige weersomstandighede en teen ’n oorweldigende mag, het die omsingelde Voortrekkers besef dat redding nie in hul hande lê nie. Dit was nie net ’n fisiese stryd nie; dit was ’n geestelike een. Juis in hierdie oomblik van totale afhanklikheid van God het hulle uitkoms gevind.

Vandag, te midde van ekonomiese swaarkry, politieke onsekerheid, en sosiale uitdagings, staan baie Afrikaners in ’n soortgelyke posisie. Die wêreld rondom hulle lyk onstuimig en hulle wonder of daar nog ’n plek vir hul erfenis en kultuur in Suid-Afrika is. Tog, soos hul voorvaders in 1838, kyk Afrikaners op in geloof en vind hul krag in die Here van die Gelofte.

## Herlewing of tradisie?

Die vraag wat dan voor die deur van elke Afrikaner staan, is of hierdie groei in Geloftedag bloot ’n kulturele herontdekking is, of is dit inderdaad ’n teken van geestelike herlewing? Indien dit slegs gaan oor die herlewing van ’n kulturele tradisie, sonder die diepte van geestelike betekenis, dan is dit moontlik om in dieselfde strikke te trap as vroeër. Dit kan ’n leë dop word, ’n kulturele ritueel wat sy geestelike waarde verloor.

> **As hierdie hernude deelname aan Geloftedagdienste ’n uitdrukking is van ’n volk wat weer in hul gebrokenheid opkyk en sê: “Here, ons is afhanklik van U,” dan is dit waarlik ’n teken van geestelike herlewing.**

Die afgelope paar jare toon besliste tekens dat daar wel ’n geestelike ontwaking plaasvind. Mense wat op 16 Desember hul motors gewas, of by die swembad ontspan het, kom nou in groot getalle byeen om saam te bely dat die Here steeds hul enigste bron van krag en redding is.

## Die toekoms van Geloftedag

Wanneer ons na die huidige toename in Geloftedagvieringe kyk, is dit duidelik dat die dag steeds diep in die Afrikaner se hart ingeplant is. Daar is ’n beweging wat al hoe meer mense aanmoedig om weer die geestelike kern van hul geskiedenis te omarm. Dit is nie meer net ’n herdenking van ’n oorwinning nie; dit is ’n geleentheid om opnuut voor God te buig en te erken dat, soos in die dae van Bloedrivier, die volk steeds in totale afhanklikheid van Hom leef.

As hierdie beweging aanhou groei en as Afrikaners werklik terugkeer na die kern van hul geloof, kan dit die aanloop wees tot ’n dieper geestelike herlewing – een wat nie net by Geloftedag eindig nie, maar wat in die daaglikse lewens van mense voortleef. Soos die Voortrekkers in 1838, staan Afrikaners vandag weer by ’n kruispad. Dit is ’n tyd van groot uitdagings, maar ook van groot moontlikhede.


Geloftedag, in sy mees suiwer vorm, is nie net ’n dag van herinnering nie, maar ’n dag van hoop. Dit is ’n herinnering aan wat moontlik is wanneer ’n volk hul toekoms in God se hande plaas. En dit is hierdie hoop wat, as dit reg geleef word, werklik tot ’n geestelike herlewing onder Afrikaners kan lei. “Hier staan ons,” sê die Gelofte, en met daardie woorde kom ’n oproep tot volharding – nie net in kulturele trots nie, maar in die nederigheid en afhanklikheid waarmee die Voortrekkers voorgeleef het.

Die toekoms van Geloftedag, en daarmee saam die toekoms van Afrikaners se geestelike lewe, sal bepaal word deur hoe hierdie dag voortaan gevier word. As dit gevier word met ’n fokus op die Here, met ’n belydenis van afhanklikheid en ’n erkenning van sy hand in hul geskiedenis, dan sal dit nie net ’n dag van herdenking bly nie, maar ’n spilpunt van herlewing wat ’n nuwe seisoen van geloof en hoop inlui.

1. Besturende direkteur: FAK

# WYSE MANNE UIT DIE OOSTE (Jes. 9:1-6; Mt. 2:2-12)

OPGESTEL DEUR DALEEN PIENAAR



## KODELETTERS

Elke alfabetletter word deur 'n bepaalde syfer in die hele blokkie verteenwoordig. As A = 1, sal al die blokkies wat 1 gemerk is, dus A's wees. 'n Leidraad word gegee. Gebruik dit om die res van die woorde te vind.

| 3 | 19 | 4 | 1 |
|---|---|---|---|
| | | | |

| 8 | 11 | 5 | 10 |
|---|---|---|---|
| | H | I | |

| 12 | 15 | 7 | 2 |
|---|---|---|---|
| | | | |

| 9 | 6 | 18 | 14 |
|---|---|---|---|
| | S | | U |

| 16 | 17 | 13 |
|---|---|---|
| | | |

## Leidrade

### Dwars

1. Setel van Dawid (Jes. 9:6)
3. Geskenk vir 'n koning (Mt. 2:11)
4. Groot blydskap (Jes. 9:2)
6. Natuurverskynsel wat die wyse manne gesien het (Mt. 2:2)
7. Moeder van Jesus (Mt. 2:11)
8. Die Seun wat gegee is (Jes. 9:5)
11. Sorgvuldig, deeglik (Mt. 2:8)
12. Dui op verantwoordelikheid wat gedra word (Jes. 9:5)
14. Opgeruimd wees (Jes. 9:2)
15. Raadsman, wegwyser (Mt. 2:6)
16. 'n Slagoffer van vuur (Jes. 9:4)
20. Verstandige mense (Mt. 2:1)
21. Ondersoek doen (Mt. 2:4)
22. Ewigdurend, tydloos (Jes. 6:9)
24. Dit was bebloed (Jes. 9:4)

### Af

2. Wyse manne se land van herkoms (Mt. 2:1)
3. Wyse manne se gawes vir die Kind Jesus (Mt. 2:11)
4. God beëindig die dade van die drywer (Jes. 9:3)
5. Allerminste, nietigste (Mt. 2:6)
7. 'n Plantgom met aangename geur (Mt. 2:11)
9. Hy dryf mense aan met die roede (Jes. 9:3)
10. Die klere van die soldate was daarmee bevlek (Jes. 9:4)
13. Hy sal die Adviseur genoem word (Jes. 9:5)
14. Beslis, onbetwisbaar (Mt. 2:6)
15. Dit verdring duisternis (Jes. 9:1)
16. God se gesant (Mt. 2:5)
17. Insameling van graan (Mt. 2:2)
18. Vreugdevolle bevolking (Jes. 9:2)
19. Geskenke vir Jesus (Mt. 2:11)
23. Dui op beproewing (Jes. 9:3)

AP KERK LEONARDVILLE

## Nuus uit Leonardville

Te midde van 'n knellende droogte in 'n groot deel van Suidwes (Namibië), is die AP Kerk Leonardville steeds aan die woeker! Vir die eerste keer sedert die Hardapdam in 1963 voltooi is, is die dam se sluise vir besproeiing toegemaak. In Mariental is daar wel nog water beskikbaar vir huishoudelike gebruik. Orals gaan oproepe tot herlewing, en biddae vir reën op ...



V.l.n.r.: Br. Marius Gey van Pittius, sr. Hanri Gey van Pittius, finalejaarkatkisant Mari Gey van Pittius, ds. Albert Boshoff

### Die Here seën ons gemeente ryklik

In die afgelope tyd het veral die Mariental-wyk gewoeker met fondsinsamelings. Eers is 'n bees geslag en gemsbokke en springbokke daarmee saam verwerk en verkoop. En meer onlangs was daar weer 'n braaivleisgeleentheid met skaapvleis en wors. Hiervoor het lidmate uit die wyke Soutblok, Aranos en Leonardville ook bydraes gelewer. Ook in die Gobabis-wyk was daar geleentheid om 'n koffiestasie te kon beman by 'n ander instansie se projek.

### Ons dank die Here vir sy goedheid!

Dan het ons ook die geleentheid gehad om getuies te kon wees van 'n belydenisafleggings-geleentheid by die Leonardville-preekpunt. Mari Gey van Pittius het op 3 November haar geloof in die openbaar bely.

Mag die Here ons in die komende feestyd ook in genade aansien en ryklik seën. Ons het fisiese seën in die vorm van reën nodig, maar uiteraard ook geestelike seën wanneer ons die koms van ons Verlosser na hierdie aarde gedenk. Ons bring aan God alleen al die eer!

Ds. Albert Boshoff

**AP KERK: DASSE**

Wit kerkraaddasse @ R120
10 en 20 jaar gedenkdasse ook beskikbaar op navraag

**VIR BESTELLINGS**
kontak Sonja Horn
Tel 015 2988028
Faks 0865305709

e-pos: pietersburg@apk.co.za

Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling
**Kantoorure:** Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00

**Kasteelsig Gastehuis**
**Pretoria**
Umgeni straat 366, Erasmuskloof
±1 km vanaf N1-Snelweg / Naby Kloof hospitaal
Vir besprekings skakel/whatsapp Nico: 071 619 9756


**BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL**
• Ruim luukse oornagwoonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer
Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959

**Oornagverblyf Kroonstad**
2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

**HULDEBLYK:**

# Coenraad Jacobus Janse van Rensburg

## (4 Mei 1939 – 15 September 2024)



Ds. Coen Janse van Rensburg, vader van ds. Petrus Janse van Rensburg, leraar van die AP Kerk Dendron, het die wenpaal gehaal. Ons treur oor sy heengaan, maar is ook verheug in die wete dat hy nou by alle gelowiges in die ewige rus versamel is.

Ds. Coen was vir baie jare leraar op Newcastle en het eers op hoë ouderdom weens gesondheidsredes die tuig neergelê. Hy het diep spore getrap in die AP Kerk in Natal en was baie betrokke in die Afrikanervolksakker. Hy het onbevrees sy Christenskap, sy verbondenheid aan die AP Kerk en sy liefde vir die Afrikanervolk uitgeleef. Hy was welbekend en geliefd in die gemeenskap van Noord-Natal.

Ds. Coen is op Wakkerstroom gebore. Sy pa, ds. Coen sr., was daar sendeling in die NG Kerk. Ds. Coen begin sy skoolloopbaan op Piet Retief en sit dit op Vryheid voort. Toe sy ouers na Hendrina verhuis, word hy leerling aan Heidelberg Hoër Volkskool, waar hy ook matrikuleer. Daarna studeer hy teologie aan die Universiteit van Pretoria. Sy plan was om sendingwerk in die NG Kerk te doen en hy het sy teologiese opleiding ook daarop toegespits. Hy wou onder die Zoeloes werk en het daarom Zoeloe as hoofvak geneem.

In Januarie 1963 word ds. Coen as sendeling in die NG Kerk te Utrecht bevestig, en daarna op Vryheid, soos sy pa jare gelede. Van hier af word hy leraar van die NG Kerk Fynnland in Durban en op 16 Januarie 1988 word hy predikant in die AP Kerk. Sy eerste gemeente was Groter-Durban, waar hy op 17 Januarie bevestig is. Met sy vertrek na die AP Kerk was hy moderator van die Natalse NG Kerk in Afrika (Sending).

Hy was betrokke by die stigting van die AP Kerk Suidkus op 1 Julie 1987, die eerste gemeente van die AP Kerk in die land. Toe hy in Durban was, het hy die hele Natalse Suidkus en ’n deel van die Noordkus tot by Stanger, en na die binneland van Natal tot op Estcourt en Weenen, bedien. Elke Sondag vir omtrent sewe jaar het hy gepreek beginnende op Port Edward (later Margate), dan in Groter-Durban, dan in Pietermaritzburg en dan die aanddiens weer in Durban – omtrent 1 000 km per Sondag.

Behalwe by Suidkus-gemeente, was hy ook betrokke by die stigting van die gemeentes Groter-Durban (2 Aug. 1987), Hluhluwe (24 Febr. 1988), Utrecht (12 Mrt. 1988), Gelofte-Pietermaritzburg (15 Mrt. 1988) en Richardsbaai (31 Mrt. 1993). Hy was leraar van verskeie gemeentes in Natal. Vanaf 1 Augustus 2016 tot en met sy emeritaat op 31 Desember 2019, bedien hy net die gemeente in Newcastle. Hierdie 13 jaar in Newcastle was volgens hom ’n hoogtepunt.

Ds. Coen was ’n toegewyde kultuurmens. Hy was vir 30 jaar leier van die Natalse Voortrekkers tot in 2000. Hy was ook die Natalse leier van die Verkennersbeweging van SA tot in 2019. Verder was hy tot in 1994 voorsitter van die Maatskappy vir Europese Immigrasie (MEI) in Natal.

Ds. Coen het waarlik ’n ongelooflike loopbaan gehad. Hy het vir geen uitdaging gestuit nie. Hy was rotsvas in sy oortuigings, ’n ware strydros. Hy het alles eerste tot eer van God en tot heil van sy volk gestel.

Ds. Coen laat diep spore in ons gemeente se harte na, wat nooit uitgewis kan word nie. Sy preke het sy besondere liefde vir God weerspieël en sy lewenswandel, vriendelikheid en positiewe gesindheid was aansteeklik. Sy werksywer was verstommend, van huisbesoeke tot siekebesoeke en selfs by nielidmate, en alles tot eer van die Here. Sy nagedagtenis sal altyd met ons wees tot ons eendag saam met hom in die ewige koninkryk van God sal wees.

**AP Kerk Newcastle**

AP KERK MIDDELBURG

## Belydenis van geloof

Op 27 Oktober het die finalejaarkatkisante belydenis van geloof afgelê. Ons verwelkom hierdie ses nuwe belydende lidmate met groot trots en blye harte.

Ons bid die Vader se seën toe oor hierdie jong lidmate se geestelike pad vorentoe.

Maggie Richter



*Agter v.l.n.r.: Henrico Viljoen, Reghard Potgieter, Nicolaas van Wyk, Jamie Smith. Voor v.l.n.r.: Sunelle Pieterse, ds. Armand van Zyl, Adri Pohl.*

AP KERK UTRECHT

## Sneeu!

Op Saterdag 21 September was ons kerkgebou toegevou in ’n kombers van spierwit sneeu.

## Tuindag

Oktober is die mooiste maand! Al die susters is op 20 Oktober, Tuindag, bederf met die pragtigste blomme. Baie dankie, br. Louis du Pisani.

Baie geluk aan die lidmate wat in November verjaar, en verkies om dit stil-stil te vier.

Marié Marais



*Sneeu*



*Sneeu*



*Tuindag*





Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS

**Prys: R225**

**Die derde deel van die trilogie** – *Die lewe daarna* – vertel van die vestiging van die Voortrekkers in die Vrystaat. Permanente blyplekke moes opgerig word, nuwe vriendskappe gesmee en tussendeur was daar die Basoeto-oorloë. Die trilogie is in ’n gemaklike geselstrant in prosavorm geskryf. Deurgaans hou die skrywer die leser geïnteresseerd deur afwagting te skep: Wat gaan nou gebeur?

Hierdie is ’n kosbare stukkie geskiedenis van ons volk se stryd om voortbestaan, hul besondere humor, vasbeslotenheid, onderonsies, maar ook hul getrouheid teenoor mekaar en hul liefde vir die Woord.

**www.liginduisternis.co.za • boekwinkel@liginduisternis.co.za**

Lig in Duisternis UITGEWERS

# ASJAS Eerstejaars- en studentekamp
## 10-14 Januarie 2025


**ASJAS** is die AP Kerk Pretoria-Oos se Studentejeugaksie en die geestelike tuiste van studente in Pretoria. Dit is die plek om geestelik te groei en toegerus te word vir ons daaglikse lewe. Hier word vriendskappe gesmee wat 'n leeftyd sal hou, onder mense wat dieselfde dink en glo as jy.

Dit is weer daardie tyd van die jaar waar ons opgewonde is om ons toekomstige eerstejaars te ontvang en deel te maak van ons ASJAS-familie. Dit begin alles met 'n onvergeetlike kamp wat slegs werklik suksesvol kan wees as ons al die voornemende eerstejaars van Pretoria op die kamp kan verwelkom. Dit is 'n gulde geleentheid vir ouer en nuwe studente om te ontmoet en om ons identiteit as Christenstudente te bou.

Die kamp vind plaas 10-14 Januarie 2025 te Eden Kampterrein ongeveer 45 km buite Pretoria. Ons versoek die tuisgemeentes van voornemende studente om dit vir hulle moontlik te maak om die kamp by te woon. Die koste vir die kamp sal so laag as moontlik gehou word.

**Vir meer inligting en inskrywingsvorms, kan u die saakgelastigde, Marina Kapp kontak by die kerkkantoor, 012 361 7574 of admin@apkpo.co.za, of vir ds. Attie Boshoff by 071 229 3035 of attie.boshoff@apk.co.za. Asjas-bestuurslede wat ook gekontak kan word is Pieter Möller – Asjas Voorsitter (072 958 6087) of Janus Boshoff – Asjas Kampe (064 650 1015).**

**BLOKKIESRAAISEL-ANTWOORDE:** NOVEMBER 2024, BL. 22



AP KERK NIGEL

## Doop

Diaken Marko en sr. Elizma Meyer het hul dogtertjie, en klein Wilré se sussie, Lizae, op 3 November ten doop gebring. Ds. Louis Kirstein het 'n pragtige boodskap uit Génesis 17 gebring en ons herinner aan God se ewige verbond met ons en ons nageslag.

Vir ons as oupas en oumas was ons kleindogter se doop 'n geleentheid wat ons altyd in ons harte sal bewaar. Dit was voorwaar 'n dag om die Here te loof vir sy genade en liefde.

Elsa Greyling



Br. Marko met klein Wilré en Elizma met dopeling Lizae


## VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.

Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

**ONS BENODIG DRINGEND ALLE BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE SE BEHOEFTES TE VOORSIEN.**

Klere • Skoene • Linne • Huisraad
Alle bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

**www.volkshulp.org.za**
**Tel:** 012 755 8201 • **Sel:** 082 6827454
**Adres:** Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria

## TUINWOONSTEL TE HUUR (PRETORIA, LYNNWOOD)

Ruim, groot woonstel beskikbaar om te huur vir 'n enkel, jong, studerende of werkende Christelike persoon sonder afhanklikes. Dit is geleë in Pretoria, in Lynnwood se stil, veilige Strubenkop-sekuriteitspark.

Die woonstel is gemeubileerd. 'n Ruim slaapkamer/studeerkamer met ingeboude kas en lessenaar, ook 'n sitkamer, badkamer met stort, wasbak en toilet, private stoep in tuin met tuinmeubels waar gebraai en gekuier kan word.

Wasmasjien en tennisbaan kan gebruik word. Internet is gratis, met vinnige spoed en onbeperkte hoeveelheid data. Veilige onderdakparkering. Gratis water en elektrisiteit .


Slegs nieroker. Nie troeteldiere nie.

Die woonstel is beskikbaar vanaf **1 Januarie 2025**, prys is R4 300 p.m.

**Kontak dr. Adie Viljoen enige tyd op 082 900 5566 of adieviljoen@surgeon.co.za indien jy belangstel.**
*Selfoonkontak verkieslik, ek is ook op WhatsApp en kan foto's daar laai.*

## VOORNEMENDE EN HUIDIGE KOVSIES

Vind u geestelike tuiste en skakel in by ons bedrywighede, **AP Kerk Bainsvlei (082 614 5857)**




Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS

**Prys: R55**

Ons glo dat die kerk van die Here Jesus Christus ouderlinge en diakens moet hê om onder andere toe te sien dat die ware godsdiens bewaar en die ware leer oral verkondig word. Wanneer betroubare manne volgens die Bybel se voorskrifte gekies word, sal alles in die kerk behoorlik en ordelik funksioneer.

Hierdie boekie wil u vanuit die Bybel voorberei op u dienswerk as ouderling of diaken. Aan die hand van teksgedeeltes sal u tot insig kom van die vereistes wat die Here vir ampsdraers in sy kerk stel. U sal ook begelei word om presies te weet hoe om u amp getrou te vervul sodat dit sal dien om eendrag en eenheid te bevorder en te bewaar.

www.ligindduisternis.co.za • boekwinkel@ligindduisternis.co.za

Lig in Duisternis UITGEWERS

## SUIDKUS – MARGATE

Loopafstand van hoofstrand.
2 Slaapkamers (slaap 6). See- en branderuitsig vanaf balkon. 2 x onderdakparkering.

**Skakel Liezl vir tariewe: 082 311 9210 of skakel of sms Thys: 082 921 1922**

**Selfsorgakkommodasie met:**
Saal, herberg, kothuise en kampstaanplekke.

MAJUBA 1881

NUUT: 4x4-baan, bergfiets- en wandelroetes.
Ideaal geleë op die N11, 3 ure vanaf Pretoria.

**Skakel Theuns Snyman by 079 274 7978**

## IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?

Ons verkoop opgeknapte ("refurbished") rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!

**Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za**

## SUIDKUS VAKANSIEVERBLYF

Feitlik op die hoofstrand (braaiers by woonstelle en swembad). Twee slaapkamer (slaap 6) met DStv. Veilig omhein met lugreëling. Buite seisoen: Vanaf R400 per nag (breekskadedeposito betaalbaar). R500 vir skoonmaak. Pensioenarisse:10% afslag.

**Jopie du Plessis Edms. Eiendomme Bpk.:**
**Sel: 082 858 7047 of e-pos: jopiedupl@gmail.com**

## ST LUCIA – Vakansiewoonstel te huur

2 slaapkamers, 1 badkamer (stort en bad), balkon, veilige parkering (afdak) binne in die kompleks, swembad en braaigeriewe, gratis wi-fi.

**SMS 068 535 3885 vir meer inligting en foto's**

## SUIDKUS VAKANSIEWOONSTEL – DOONSIDE

See-uitsig, skoon, goed toegerus met slim-TV en wi-fi. Veilige onderdakparkering agter elektroniese motorhek met 24 uur sekuriteit. Braaigeriewe, swembad, kafee, haarsalon en wassery onder in die gebou. Billike tariewe binne en buite skoolvakansies.

**082 390 9465 / lettiefour@gmail.com**

## ONS STRANDDAKKIE HARTENBOS

Vakansiewoonstel loopafstand vanaf die hoofstrand. 2-slaapkamer (slaap 6), volledig toegerus met DStv.

**Kontak Mercia: 065 991 1966 / 072 600 2430**

## Adverteer in *Die Boodskapper*!

Vir meer inligting stuur 'n e-pos na boodskapper@apk.co.za

AP KERK PRETORIA-OOS

## Konsentrasiekampdag

Op Sondag 16 Junie het Des Morgan, ons bibliotekaris, 'n uitstalling in die kerksaal aangebied. Die uitstalling het ons herinner aan die duisende Boere – meestal vroue en kinders – wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog in konsentrasiekampe gesterf het. Volgens die jongste navorsing was die totale aantal sterftes in dié kampe meer as 34 000. Op 16 Junie 1900 het Lord Robberts (Britse opperbevelvoerder in Suid-Afrika) 'n proklamasie uitgevaardig ingevolge waarvan onregmatige maatreëls ingestel is om die Boeremagte tot oorgawe te probeer dwing. Dit het gelei tot onder meer die verskroeide aarde-beleid en die oprig van die berugte konsentrasiekampe.


Konsentrasiekampdag

## Gemeente-ete

In ons gemeente is dit die gebruik om ná nagmaal as gemeente die middagete saam te geniet. So was dit ook weer op Sondag 19 Augustus. Hierdie geleentheid is spesiaal gewy aan ons seniors. Heel gepas het Lana van Schalkwyk 'n voorlesing gedoen uit Agnes de la Strade se *Die land van die groot woordfabriek*: "Daar is 'n land waar die mense amper nooit praat nie. In hierdie land moet jy woorde koop en hulle dan insluk om hulle te kan uitspreek. Praat is duur in die land van die groot woordfabriek. Liewe oupas en oumas ... baiekeer kan selfs gevleuelde woorde nie beskryf wat u vir ons beteken nie ..." (redaksioneel verkort).


Plaasjapie-kermis

## Plaasjapie-kermis

Op Saterdag 31 Augustus het ons lidmate die geleentheid gehad om saam te kuier tydens ons jaarlikse kermis. Dit bly mos maar die grootste fondsinsamelingsgeleentheid van die jaar. Verskeie stalletjies is aangebied en dit is goed ondersteun deur die lidmate. Plaasjapie-kermis ... Natuurlik moes daar 'n kompetisie gehou word wat reg laat geskied aan die naam – die besgeklede plaasjapie.


Lente-ete

## Lente-ete

Op Dinsdag 3 September het ons die lente verwelkom. Dit was 'n heerlike, ontspanne oggend, alhoewel br. Eddie Celliers en ds. Attie Boshoff die seniors baie aan die raai gehad het. Ná die skaterlag wat so spontaan van tyd tot tyd uitgebreek het, en vreeslik aansteeklik was, is heerlike wafels en roomys bedien.

## Verbondskinders verbly harte

Op Sondag 15 September het die verbondsjeug die seniors verras met verskeie items, soos byvoorbeeld klaviersolo's, sangnommers, spel met blaas- en strykinstrumente, voordra van gedigte, koorsang en 'n opvoering. Baie dankie aan br. Danie (VBO-hoof) en sr. Maritsa Pretorius (sekr.) wat die leiding geneem het. Baie dankie ook aan élke voorganger. Julle doen koninkrykswerk.


Verbondskinders

Hannah Kotze



# Parlementêre begrippe en tradisies

**Dr. Pieter Mulder**

**"Speaker", "swepe", "tweede lesing" en "twee kamers" is alles begrippe van die Suid-Afrikaanse parlement. Vir die gewone kieser is die parlement 'n eienaardige instelling met al hierdie vreemde begrippe.**

Die speaker "speak" of praat nie en sit net daar voor en luister. Die swepe het nie swepe nie en slaan niemand nie. Net so eienaardig is dit dat daar vir parlementslede voorgelees moet word, terwyl ons aanvaar hulle kan self lees.

Die meeste van hierdie begrippe en tradisies kan teruggevoer word na die Britse parlementêre geskiedenis. Die Britse parlement word deur baie beskou as die moeder van alle parlementêre stelsels soos ons dit ken. Die Britse koning het 900 jaar gelede as 'n alleenheerser, 'n tipe diktator, regeer. As hy 'n nuwe kasteel wou bou, verhoog hy net die belasting wat die gewone mense, die "common people", moet betaal. As hy wil oorlog maak, word die "common people" eensydig opgeroep sonder dat hulle weet waarvoor hulle gaan veg.

**Met verloop van tyd het hierdie "common people" beswaar gemaak teen die feit dat hulle geen seggenskap het in besluite wat hulle so regstreeks raak nie. Onder druk het die koning toegegee dat hulle deel van die besluite kon word.**

So het die Britse "House of Commons" tot stand gekom. Tot vandag toe is die Britse laerhuis bekend as die "House of Commons".

Maar die koning het een voorwaarde gestel, want hy het die gewone mense nie vertrou nie: Hy sal slegs hul besluite goedkeur as sy vriende dit ook goedkeur. Sy vriende was die adel wat hom goedgesind was omdat hy aan hulle titels soos "lord" toegeken het. So kom die Britse "House of Lords" of hoërhuis tot stand. Die Britse parlement, en so ook talle ander parlemente in die wêreld, gebruik steeds hierdie tweekamerstelsel om besluite te neem. Elke wet of mosie moet deur albei huise goedgekeur word voor die koning dit aanvaar en teken.

So bestaan die Amerikaanse kongres uit 'n Huis van Verteenwoordigers en 'n Senaat. In Duitsland is daar die "Bundestag" en "Bundesrat" en Australië het 'n "Senate" en "House of Representatives". Die Suid-Afrikaanse parlement was vanaf 1910 ook op die Britse tweekamermodel geskoei. Ons het dit wel die Volksraad en Senaat genoem, wat ná 1994 die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies geword het.

Daar was destyds voorstelle dat begrippe soos "speaker" en "swepe" in die Suid-Afrikaanse parlement met voorsitter en organiseerder vervang word, maar dit is nie aanvaar nie. Toe die nuwe ANC-lede in 1994 in die parlement kom, het hulle aanvaar die woord "sweep" is 'n tipiese Afrikanerwoord. Dit kom waarskynlik van die Groot Trek se ossewaens of dalk van die Ossewabrandwag, was hul raaiskote. Hulle was natuurlik verkeerd. Soos die meeste parlementêre tradisies kom dit van Brittanje af. Vir eeue lank het die Britse hoërklas, die rykes, te perd en met honde jakkalse gejag vir ontspanning – 'n soort van sport. Hulle het baie spesifieke voorgeskrewe klere gedra (die leiers rooi baadjies en swart helmette), en het verskillende take gehad. Om die honde bymekaar en op die jakkalse se spoor te hou, was daar 'n "whipper" met 'n sweep.

In die 1700's was daar 'n baie belangrike stemming in die Britse parlement. Die regering kon uitgestem word as al die lede nie opdaag om vir die regering te stem nie. "Gaan maak dringend almal wat kan stem, bymekaar," was die boodskap wat uitgestuur is. In Engels: "Go and whip the

Vervolg op bl. 36 ››



# Helde met voete van klei

**Pieta Oosthuizen**

Helde was nog altyd deel van die geskiedenis, ook ons eie Afrikanergeskiedenis. Dink maar aan Wolraad Woltemade, Dirkie Uys en generaal Christiaan de Wet. Gewoonlik is ’n held ’n sterk en dapper persoon wat groot mannemoed aan die dag lê om iemand van ’n gewisse dood te red. Soms is ’n held egter ook iemand wat sy eie lewe waag en die vyand uitoorlê om uiteindelik ’n groot oorwinning te behaal. ’n Mens kry ook sporthelde wat deur hul optrede op, en van die baan af, ’n navolgenswaardige voorbeeld stel. Dink maar aan Springbokrugbyspelers. Dan is daar ook aksiehelde in flieks soos (in ons dae) Arnold Schwarzenegger en superhelde soos Superman wat met hul krag en vernuf die skurke laat les opsê. Gewoonlik word die heldedade van ons helde van een geslag na die volgende geslag oorgedra. Dit het al mense geïnspireer om boeke oor hierdie helde te skryf en flieks oor hul lewens te maak.

## ’n Held is ’n rolmodel

’n Held is dus iemand na wie ’n mens kan opkyk, ’n rolmodel. Wanneer ons klein is, is ons pa’s en ma’s gewoonlik ons grootste helde. Dit moet natuurlik so wees. Ons lewe vandag egter in ’n tyd van gebroke gesinne waarin die pa of ma as rolmodel dikwels ontbreek. Iemand anders soos Oupa of Ouma, of ’n ander familielid moet dan hierdie rolle vertolk. Een van die eerste dinge wat klein kindertjies altyd uit hul ouers of grootouers se monde wil hoor, is stories. Normaalweg is Bybelverhale van die eerste verhale wat deur ouers aan hul kindertjies oorvertel word. Verhale waarin die Bybelse geloofsheld met sy vyande afreken. Dink maar aan helde soos Dawid wat die reus Góliat verslaan het en Gídeon met sy driehonderd man wat die Midianiete oorwin het.

## Helde is nie altyd die grootste of sterkste nie

Wanneer ons hierdie geloofshelde van nader beskou, sien ons dat dit nie altyd die grootste of sterkste persone is wat helde was nie. Dawid was die kleinste van al sy broers en het skape opgepas, maar die Here het hom uitgekies as koning van Israel. Gídeon se geslag was weer die swakste in Manasse en hyself die geringste in sy familie. Tog het God deur hom ’n groot oorwinning behaal. ’n Volgende les uit die lewens van die Bybelse geloofshelde is dat hulle nooit uit eie krag opgetree het nie, maar slegs deur die Gees van die Here kon hulle die oorwinning behaal. Ons lees dat die Gees van die Here, vandat hy as koning gesalf is, oor Dawid vaardig geword het. En hierdie Gees van uitnemendheid was natuurlik sy belangrikste wapen in die geveg met Góliat.

## Volkome vertroue

Die Bybel leer ons ook dat Dawid volkome op God vertrou het toe hy Góliat die stryd aangesê het. Hoor wat sê Dawid:

> *Die Here wat my gered het uit die klou van die leeu en uit die klou van die beer, Hy sal my red uit die hand van hierdie Filistyn* (1 Sam. 17:37).

En so ook Daniël se drie vriende Sadrag, Mesag en Abednégo. Toe hulle voor die beeld van koning Nebukadnésar moes buig, getuig hul antwoord aan die koning van ’n totale vertroue op God:

> *As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos* (Dan. 3:17).

Ons lees in vers 22 dat die vuur só warm was dat die manne wat die drie vriende geboeid in die oond gegooi het, doodgebrand

het, maar dat die drie vriende sonder enige letsel lewend uit die vuuroond gestap het.

### Geen skietgebedjies nie

Hierdie wonderwerke het God met sy kinders laat gebeur met wie Hy ’n persoonlike verhouding gehad het. Dawid en Daniël se drie vriende en later ook toe Daniël in die leeukuil gegooi is, het nie vinnig ’n skietgebedjie opgesê sodat God hulle moes red nie. Nee! Ons lees dat Daniël drie keer per dag die aangesig van die HERE deur gebed en lofprysing opgesoek het. Koning Darius se woorde aan Daniël getuig hiervan in Daniël 6:21: ... *was jou God wat jy gedurigdeur vereer in staat om jou van die leeus te verlos?* Gedurigdeur! Dit beteken aanhoudend, sonder ophou, elke dag!

### Oefen jou in die geloof

Natuurlik wil elkeen van ons ’n held wees. Groot, sterk en vinnig om ’n weerlose slagoffer van ’n gewisse dood te red. En ja, ons weet dat ’n gesonde en fikse liggaam ook ’n gesonde gees huisves, maar ’n fikse en sterk geloof is belangriker. Voed jouself dus met die woorde van die geloof en oefen jou in die godsaligheid. Dit is die groot verskil tussen die ewige lewe en die ewige dood. Die verskil tussen ’n held met voete van klei of ’n held met die oog gevestig op Jesus Christus, die grootste held van alle tye. Hy is die Leidsman, die Rolmodel en die Voleinder van ons geloof.

### Liewe Pa en Ma

- Hoe lyk jou kinders se helde?
- Doen jy moeite om Bybelkennis by hulle vas te lê en in te skerp?
- Weet hulle dat dit belangriker is om ’n geloofsheld te wees as ’n held met voete van klei?
- Is jy vir hulle so ’n held?
- Ken hulle die Held aan die kruis? ☺

---

«Vervolg vanaf bl. 34

## Parlementêre begrippe en tradisies

common people together.” Die beeld van die honde-“whipper” tydens ’n jagtog is gebruik. Die woord “whip” of “sweep” het vasgesteek en word tot vandag toe in talle parlemente oor die wêreld gebruik. Elke politieke party kies sy eie swepe wat verantwoordelik is vir die dissipline in die party en wat met die ander partye oor die werksaamhede van die parlement skakel.


Dit verklaar egter nie waarom die voorsitter tydens ’n parlementsitting ’n “speaker” genoem word en daar van ’n eerste en tweede lesing gepraat word nie.

In die beginjare van die Britse parlement is lede net soms bymekaar geroep om versoeke van die koning, soos om belasting te verhoog, goed te keur. Die lede kies ’n voorsitter en begin die versoek debatteer. Omdat die lede destyds ongeletterd was, is die versoek van die koning, in die formaat van ’n wet, vir die lede voorgelees. Ná ’n tyd kan ’n lid wat sekere detail van die wet nie onthou nie, versoek dat die wet ’n tweede, derde en selfs vierde keer voorgelees word. Vandag nog gaan ’n wet deur verskillende stadiums in die parlement wat as ’n eerste, tweede en derde lesing bekendstaan. Omdat lede vandag kan lees, word net die wet se titel herhaal. Aan die einde van die debat stem die lede en neem ’n besluit. Byvoorbeeld: Geen verhoging van belasting, of meer geld vir die koning nie.

Nou was die vraag: Wie gaan hierdie besluit aan die koning oordra? Hulle het geargumenteer dat die voorsitter die beste persoon is – hy het mos die argumente van alle kante gehoor. Daarop is die voorsitter na die koning gestuur “to speak on behalf of the House”. En van daar die benaming “speaker”, want “he speaks on behalf of the House”.

Dit was aanvanklik ’n gevaarlike werk. Die koning wou sy sin hê en die boodskapper sou dit ontgeld. In die Britse geskiedenis is daar tussen 1300 en 1500 sewe speakers, waarvan die name bekend is, deur die koning onthoof. Dit het gelei tot die Britse tradisie dat die nuutverkose speaker tot vandag toe hom simbolies teësit wanneer hy uit sy bank gehaal en na die speakerstoel begelei word. Waar meningsverskille tussen groepe in die verlede met swaarde uitbaklei is, is dit nou uitgepraat. Die Franse woord “parler” is gekies om hierdie nuwe praat-metode om verskille te hanteer, te beskryf. “Parler” beteken in Afrikaans “om te praat”. Van daar kom ons woord “parlement”. ☺


Lig in Duisternis
UITGEWERS
HELP ONS OM DIE
lig van die evangelie
NA INDIË TE VERSPREI!
Lig in Duisternis Uitgewers het 'n besonderse geleentheid om in Januarie 2025 die Hindiese vertaling van *Drie Formuliere van Eenheid* aan 20 Indiese Christen-predikante in Pune, Indië bekend te stel en teologiese opleiding te bied.
Ons vra jou hulp om die besonderse projek moontlik te maak vir die predikante wat 'n passie vir die evangelie het.
Kom ons dra die evangelie oor grense heen en bring die suiwer leer aan ons mede-Christen-predikante.
Lig in Duisternis Media
ABSA Tjekrekening:
411 338 3472
Takkode:
632 005
Verwysing:
Indië2025


STUDEER VERDER BY DIE APA EN
ONTSLUIT NUWE DEURE!
Baccalaureus Societas Scientiae
BSocSci
Die BSocSci-graad is 'n kontakgraad. Dit het ten doel om meningsvormende leiers in die joernalistiek, politiek, onderwys en gemeenskapsontwikkeling te lewer wat die samelewing weg van die afgronde van beide die verlede en ons tyd kan help lei. Hierdie graad is uitnemend geskik as voorbereiding om leiers te wees op die berge van invloed, as dit so vir hulle beskik is: kerk, gesin, opvoeding, burgerlike regering, kuns en ontspanning, media, sowel as besigheid en ekonomie.
KLASSIEK-CHRISTELIK | BYBELGETROU | AFRIKAANS
Studeer terwyl jy werk.
Internasionaal aanwendbaar.
Kwalifiseer om by SACE te registreer.
Geakkrediteerde programme wat wye erkenning geniet!
Geregistreer by die Departement van Hoër Onderwys.
Schola Scripta (kontakprogram), BA (afstandsprogram), BSocSci (kontakprogram),
NGOS (kontakprogram), TPK (afstandsgebaseerd), BDiv (kontakprogram)
OU SPORE, NUWE WEË
www.apa.ac.za

Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS

www.liginduisternis.co.za

# NUUT OP ONS BOEKRAK

*"Ewige beginsels om suksesvolle kinders groot te maak* dwing jou om ernstige vrae oor jou eie standpunte en optrede te vra. Yavor gaan jou uitdaag met betrekking tot temas soos waagmoed en persoonlike verantwoordelikheid, risiko's en werksetiek, die rol van die regering en belasting. Hierdie publikasie deurklief selfs die intellektuele seepborrels van burokratiese sosialisme, moderne feminisme, verbruikersmentaliteit en die mite van 'n gratis middagete."

**Stoyan Panchev, stigter en voorsitter van die Bulgaarse Libertynse Gemeenskap**


**PRYS: R240**







**PRYS: R225**




**PRYS: R150**




**PRYS: R95**




**PRYS: R200**

## U KAN OP EEN VAN DIE VOLGENDE MANIERE BESTEL

1. By u plaaslike kolporteur
2. Aanlyn by www.liginduisternis.co.za
3. Stuur 'n e-pos na boekwinkel@liginduisternis.co.za

JEUG BOODSKAPPER
(012) 362 1390 • boodskapper@apk.co.za
No. 188 • Des. 2024/Jan. 2025

# KERSFEES

## het niks met "kerse" te doen nie

Het jy al ooit gewonder wat die woord **"Kers"** in **"Kersfees"** beteken? Uit ons Afrikaanse taalagtergrond lei ons dadelik af dat dit dalk te doen het met 'n kers wat iemand aansteek om lig te gee. Daar is selfs mense wat sê dit het te doen met die kerse wat sommige Christene in kerke aansteek. Die geskiedenis van die woord "Kers" in "Kersfees" is baie interessant en dit het niks met kerse te doen nie!

Die woord "Kers" kom van die Middelnederlandse woord *Kerst*. Op sy beurt is *Kerst* weer afkomstig van die woord *Krist* of *Christ* (soos die Engelse dit spel). Dit is 'n woord wat vroeër in Nederland algemeen gebruik is om na Christus te verwys. Dalk het jy al ouer mense van Jesus Christus hoor praat as Jesus Kristus in plaas van Jesus Christus. Om so te praat, is nie verkeerd nie, maar is uit ons Nederlandse taaltradisie oorgeneem. Dit beteken dus dat die Afrikaanse woord "Kersfees" letterlik "Christusfees" beteken. Daarom spel ons ook alle woorde in Afrikaans wat 'n samestelling met die woord "Kers" is, met 'n hoofletter, byvoorbeeld: Kerssangdiens, Kersfees, Kersboom, Kersversierings. Nou verstaan 'n mens ook beter waarop die Engelse van *Christmas* praat!



Miskien wonder jy of dit nie dalk nuttelose inligting is nie. Waarom moet jy dit weet? Ons leef in 'n wêreld waarin Christus deesdae heeltemal uit Kersvieringe verdwyn. Oral word liggies en versierings aangebring en is mense opgewonde oor die feestyd, maar vir baie min mense gaan dit nog oor die "Kers" in "Kersfees". Vir die wêreld het die feestyd eintlik niks met Jesus Christus te doen nie. Hulle beskou die geboortegeskiedenis van ons Verlosser as 'n soort sprokie. Dis 'n mooi storie, maar dis nie regtig waar nie. Al waaroor dit vir die wêreld in hulle feesvieringe gaan, is die mens: mense se behoeftes en mense se begeertes. Daarom koop mense graag vir mekaar en vir hul kinders sulke groot en duur geskenke. Hulle meet hul waarde aan die geskenke wat hulle kry (of nie kry nie). Hulle soek aanvaarding van ander en vind betekenis vir die lewe in daardie dinge wat tydelike plesier verskaf.

Dit kan maklik gebeur dat Christene in die slaggat trap om Kersfees op 'n wêreldse manier te vier wat eintlik niks met Christus te doen het nie. Hierdie soort feesviering is veral aanloklik omdat die wêreld dit so "lekker" laat lyk. Tog herinner die woord "Kersfees" ons dat hierdie fees nie oor ons behoort te gaan nie. Dit gaan nie oor kerse, versierings, liggies en geskenke nie. Dit is 'n fees waartydens ons die geboorte van Christus, die Gesalfde van God en ons Verlosser, herdenk. Hy is God se grootste geskenk aan ons. Hy het mens geword om vir ons sondes te sterf sodat ons nie net in hiérdie wêreld blydskap en vreugde mag beleef nie, maar sodat ons dit vir ewig kan beleef.

**Gaan dink 'n bietjie hoe julle Kersfees vier. Watter gebruike en tradisies het julle familie? Is dit dinge wat jou aan Jesus Christus herinner? Is dit dinge wat die fokus op Hom plaas?**

Kersfees behoort 'n behoorlike FEES te wees, maar 'n fees waar Christus as ons Verlosser in die middelpunt staan. Dit is juis God se gawe aan ons wat ons aanmoedig om vir mekaar om te gee en geskenke aan mekaar te gee. Die geskenke wat gelowiges aan mekaar gee, is nie om mekaar se aardse begeertes te bevredig nie, maar om mekaar aan ons grootste Kersgeskenk te herinner. Mag julle elkeen 'n geseënde Kersfees hê. Mag julle feesvier en saam met die engele uitjubel: "Ere aan God in die hoogste hemel!"


**Groete, ds. Schalk**

# Die barmhartige Samaritaan (Lk. 10:25-37)



*Boustene van die Koninkryk: Graad 2.*
*Illustrasie deur Ester van Deventer.*

# DIE HERDERS VAN BETLEHEM





Lees **Lukas 2:14** en skryf die eerste gedeelte van die vers in die gekleurde blokkies.

**DWARS**

2. Die Joodse nasie (Lk. 2:10)
5. Hy sal in doeke toegedraai wees (Lk. 2:12)
6. Paniek en angs (Lk. 2:9)
7. Plek wat na Dawid verwys (Lk. 2:11)
8. Aanduiding, waarmerk (Lk. 2:12)
10. Wydverspreid (Lk. 2:17)
11. Legio van engele (Lk. 2:13)
15. Tyd wanneer roofdiere skape vang (Lk. 2:8)
17. Skielik (Lk. 2:9)
18. Dit het rondom herders geskyn (Lk. 2:9)
19. Skaapwagters (Lk. 2:8)

**AF**

1. Om God te eer en te loof (Lk. 2:13)
2. Op hierdie tydstip (Lk. 2:11)
3. Voerbak vir skape en beeste (Lk. 2:12)
4. Uitstraling van lig (Lk. 2:9)
7. Christus word so genoem (Lk. 2:11)
9. Vreugde, verheugenis (Lk. 2:10)
12. Blye, heilsame (Lk. 2:10)
13. Boodskapper deur God gestuur (Lk. 2:9)
14. Plek van Jesus se geboorte (Lk. 2:15)
16. Weidingsgebied vir skape (Lk. 2:8)




## DIE BARMHARTIGE SAMARITAAN (LUKAS 10:25-37)

Op 'n dag het 'n wetgeleerde met die Here Jesus kom praat. Hy het 'n moeilike vraag gehad en wou hoor hoe Jesus hom antwoord.

**"Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te kry?" Die Here het hom nie dadelik geantwoord nie, maar het hom eerder 'n vraag gevra.**

"Wat leer die wet ons regtig?" Die wetgeleerde het 'n goeie antwoord gereed gehad.

"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, met jou hele siel en met jou hele verstand. En jy moet die mense wat jou naaste is, liefhê soos wat jy lief is vir jouself." Dit was 'n goeie antwoord.

"Doen dit en jy sal lewe," het Jesus vir hom gesê. Maar die wetgeleerde was nog nie tevrede nie. Daar was nog 'n deel van die vraag waaroor hy gewonder het. Daarom het hy verder gegaan.

"Meester, wie is my naaste?" Jesus het vir hom 'n verhaal vertel om hom te antwoord.

"Daar was eendag 'n man wat van die een dorp na die ander gereis het. Terwyl hy langs die

pad geloop het, is hy deur rowers aangeval wat sy klere, sy geld, al sy goed, gesteel het. Hulle het hom net daar langs die pad gelos. Hy was gewond en het baie gebloei. Hy kon niks vir homself doen nie en as iemand hom nie sou help nie, sou hy doodgaan.

"Kort daarna het 'n priester verbygeloop. Toe hy die man daar sien lê, het hy aan die anderkant van die pad verbygeloop sonder om te help. 'n Bietjie later het 'n Leviet ook verbygeloop. Toe hy die man sien, het hy hom ook vermy. Hy het maar net verder geloop. Later het 'n Samaritaan verbygeloop. Die Jode en die Samaritane het mekaar gehaat. Hulle wou niks met mekaar te doen hê nie. Toe die Samaritaan die gewonde man sien, het hy baie jammer vir hom gevoel.

**Hy het ook gesien dat die man 'n Jood is en dat hy eintlik sy vyand is. Maar dit het hom nie gekeer nie. Hierdie man het sy hulp nodig gehad. Hy het dadelik na hom gegaan, sy wonde met olie en wyn skoongemaak en dit verbind.**

Daarna het hy die man op sy donkie getel en hom na 'n herberg geneem, waar hy die hele nag vir hom gesorg het.

"Die volgende dag het die Samaritaan geld aan die herbergier gegee en hom gevra om vir die gewonde man te sorg. Hy het ook belowe om, wanneer hy weer daar by die herberg kom slaap, vir enige iets te betaal wat nodig was om die man te versorg."

Toe die Here Jesus klaar vertel het, het Hy na die wetgeleerde gekyk.

"Watter een van hierdie mans was die gewonde man se naaste? Wie het hom liefgehad: die priester, die Leviet of die Samaritaan?" Die wetgeleerde was nie baie tevrede met sy eie antwoord nie.

"Die een wat hom gehelp het."

"Jy is reg," het Jesus gesê. "Gaan en doen net soos daardie man."

God se Woord leer ons om lief te wees vir die mense om ons. Ongelukkig maak ons baiekeer soos daardie priester en Leviet en vra: "Vir wie moet ek lief wees en vir wie hoef ek nie lief te wees nie."

Die Here Jesus kom leer ons anders. Hy leer ons om eerder te vra: "Vir wie kan ek lief wees?"

# Liewe Kersvader

Hierdie is my briefie. Ek is Kleinboet.

Ouboet se nuwe fiets is baie groter as myne.

Ek wil ook so een hê.




"Pappa, Mamma, ek is klaar met my briefie! Ek het dit in die rooi boks gegooi."

Dit is omtrent nog so 24 dae voor Kersfees, maar jy weet seker al presies wat jy vir Kersfees wil hê en kan nie meer wag om jou Kersgeskenk te kry nie. Miskien het jy ook soos Kleinboet jou briefie al in die boks of kous of wat ook al julle gesin daarvoor gebruik, gegooi. As jy dalk al 'n bietjie ouer as Kleinboet is, het jy vir Pa en Ma sommer direk gesê wat jy wil hê, of hoe?



Vir jou, én vir ander kinders, is Kersfees sekerlik die lekkerste tyd van die jaar. Dit is somer, jy hoef nie skool toe te gaan, jy kuier dalk saam met jou niggies en nefies by Oupa en Ouma op die plaas, of julle is almal by die see of êrens in die Bosveld. Waar jy ook al mag wees, dit bly maar net die lekkerste tyd van die jaar!

Maar het jy al ooit mooi gedink waarom dit vir jou die lekkerste tyd van die jaar is? Is dit oor die heerlike somersweer, die skoolvakansie sonder die alewige huiswerk, die lekker kuier saam met familie en vriende, of dalk die Kersgeskenk wat vir jou wag?

Sonskynweer, vakansietyd, kuiertyd – al hierdie lekker dinge is geskenke uit die Here se hand. Ook die Kersgeskenk wat jy Oukersaand of Kersoggend gaan kry, kom uit die Here se hand, want alles behoort aan Hom en Hy gee ook hierdie goeie dinge vir ons, sy kinders.

Die Here Jesus het nog meer vir ons gegee: Hy, die groot en almagtige God en Heerser van die hemel en die aarde, het as 'n gewone mens aarde toe gekom. Hy het die mense geleer hoe om soos Hy te leef – jy kan daarvan lees in die Nuwe Testament in Matthéüs, Markus, Lukas en Johannes. Gedurende sy hele lewe op aarde het Hy net gegee: siek mense het gesonde liggame gekry; dooie mense het weer asem gekry; honger mense het kos gekry.

Toe die Here Jesus dit klaar gedoen het, het Hy vir ons die grootste geskenk ooit gegee: sy lewe. Daarmee wil Hy ons leer dat om iets vir iemand anders te gee, so 'n mens baie gelukkig maak. Die Here wat sy lewe vir ons gegee het, beteken dat Hy ons van ons sondes verlos het en ons daarmee hierdie geskenk gegee het: Ons gaan eendag vir ewig by Hom wees.

Hierdie boodskap maak jou seker nou baie opgewonde en gelukkig! Dalk wonder jy nou watter geskenk jý vir mense kan gee dat hulle ook so opgewonde en gelukkig soos jy kan wees?

Vertel hulle van Jesus en dít wat Hy vir ons gedoen het. Dit is die grootste geskenk wat jy vir iemand kan gee. En as jy verder wil hê mense moet regtig verstaan wat hierdie geskenk vir jou beteken, moet hulle die volgende dinge in jou lewe kan sien:

- Jou liefde vir ander mense.
- Jou blydskap.
- Jou liefde vir vrede.
- Jou geduld met mense.
- Jou vriendelikheid en goedheid.
- Jou beloftes wat jy altyd nakom.
- Jou selfbeheersing om nie gou kwaad te word nie.

As jy die Here vra om jou met al hierdie dinge te help, sal jy groter geskenke as Kersgeskenke aan ander mense gee. En dit sal jou, én hulle, baie gelukkig maak.